# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

21 April 1989 | Tel: (011) 836-7236 | Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)


## 'Wandade' laat die wiel draai

**Max du Preez**

SUID-AFRIKA staan op die punt om al die aansien wat hy in Namibia verwerf het - nadat Swapo die bepalinge van die vredesplan gebreek het - te verloor, deurdat getuienis van oordadige geweld deur die veiligheidsmagte tydens die laaste drie weke se gevegte nou in die buiteland aan die lig kom.

Die mees verdoemende getuienis is vervat in 'n TV-dokumentêr wat vandeesweek in Washington aan senatore en kongreslede vertoon is.

Dit bevat afgryslike tonele van dosyne lyke wat onseremonieël in massagrafte gegooi word; verhale van guerrillas wat op kort afstand tereggestel word; die veiligheidsmagte se weiering om ongewapende en gewonde guerrillas gevange te neem; en woeste optrede teen die plaaslike bevolking.

Amerikaners wat die dokumentêr gesien het, sê die tonele herinner baie aan ou beeldmateriaal van Jode wat deur die Nazi's tereggestel en in massagrafte gegooi is.

*Na bladsy 2*


**Mandela in sy eie woorde — 3**

**Ds Nico en die onheilige drie-eenheid — 4**




*Foto: Paul Weinberg/Afrapix*

## Uitskotmense!

**Boesmanland se jagtertjies se dae is getel. Een van Afrika se grootste tragedies is besig om hom af te speel in Namibia . Alkohol, die oorlog en verwestering het sy tol geëis onder Suider-Afrika se oorspronklike inwoners. - 8 en 9**

# Veldtog van verset

**Jacques Pauw**

'N MASSIEWE versetveldtog teen apartheid gaan hierdie week in Johannesburg aangekondig word. Dié veldtog, wat talle organisasies insluit en oor rasgrense heengaan, kan binnekort uitbrei na ander groot stede in Suid-Afrika.

Die veldtog is gemik teen alle instellings in Johannesburg wat nog apartheid toepas. Dit sluit skole, hospitale, ouetehuise, swembaddens en ontspanningsgeriewe in.

Die veldtog, wat georganiseer word deur onder meer Actstop en die Five Freedoms Forum (FFF), word gesteun deur onder meer die UDF en Cosatu.

Intussen is die Five Freedoms Forum in Kaapstad ook besig met 'n veldtog om steun vir die afskaffing van die Groepsgebiedewet te werf. Daar word onder meer 'n massaoptog beplan wat deur verskillende groepsgebiede gaan stap.

Die versetbeweging herinner sterk aan die Defiance Campaign van die ANC en die Indian Congress in 1952 toe duisende swartmense hul teen apartheidswetgewing en veral die paswette verset het.

'n Komitee vergader volgende week waar oor optrede besluit sal word. Die tema van die versetbeweging is "Op pad na 'n oop Johannesburg".

"Johannesburg is reeds 'n geïntegreerde stad. Die sowat 70 000 swart en bruin inwoners in Johannesburg glo dis is hulle goeie reg om wettig hier te woon en alle geriewe met blanke inwoners te deel," sê Cas Coovadia, publisiteitsekretaris van Actstop.

Die beweging wil veral die aandag vestig op swart inwoners van Johannesburg wat dikwels gruwelik deur huis- en woonstelblokeienaars uitgebuit word omdat hulle dan "onwettig" daar sou wees. Verder verskaf dit hulle groot ongerief om by "gekleurde" geriewe soos hospitale en skole in die swart woongebiede uit te kom.

Gael Neke, publisiteitsekretaris van die FFF, sê die beweging wil soveel wit steun as moontlik monster. Daar sal byvoorbeeld van blankes verwag word om saam met gekleurde inwoners te gaan wanneer hulle die apartheidswette uitdaag.

Neke sê die beweging wil veral wys op die dubbele standaarde wat deur die Nasionale Party-beheerde

*Na bladsy 2*

**Trillende heldegedig vir Groot Karwats - 12**

# 'Wandade' in Namibia laat die wiel draai



Afgryslike tonele soos dié van die lyke van Swapo-guerrillas wat in massa-grafte gegooi word, het die week op Amerikaanse TV-skerms verskyn.

*Foto: John Liebenberg/Afrapix*

Daar word verwag dat die dokumentêr wyd in die VSA vertoon sal word en dan deur ander netwerke in Europa aangekoop sal word. Dit kan 'n sterk invloed op openbare mening teen Suid-Afrika hê.

Intussen het die Regshulpsentrum in Namibia ook 'n brief met getuienis van wandade en intimidasie deur die veiligheidsmagte aan die bevelvoerder van die SWA-gebiedsmag, genl Willie Meyer, gestuur. (Sien volledige berig op bladsy 7)

Die administrateur-generaal, Louis Pienaar, het 'n ou kampvegter vir menseregte in Namibia en 'n senior lid van die Windhoekse Balie, advokaat Bryan O'Linn, aangestel om

Van bladsy 1

die beweringe van wandade te ondersoek.

Die VV se spesiale gesant, Martti Ahtisaari, het ook 'n verslag van die polisie aangevra na beweringe van aanrandings in die noorde van die land. Ahtisaari het reeds sy kommer oor die bewerings teenoor Pienaar uitgespreek.

Die VV en veral Ahtisaari en die VV-vredesmag in Namibia, Untag, kry al hoe meer druk van binne Namibia, uit Swapo-geledere en uit die buurstate om die situasie beter te hanteer en "aggressie" van die veiligheidsmagte te voorkom.

Duisende handtekeninge van inwoners van Owambo is reeds versamel op 'n petisie waarin beskerming teen die intimidasie en geweld van die veiligheidsmagte gevra word.

'n Hoofartikel in die Windhoekse koerant The Namibian het dié week die opskrig gehad "Gemene alliansie tussen Suid-Afrika, die buitelandse pers en die VVO."

Swapo se sekretaris vir buitelandse sake, Theo-Ben Gurirab, het gevra dat die VVO se sekretaris-generaal, Javier Perez de Cuellar, Namibia self moet besoek om die VVO se "slegte beeld" te herstel.

## Twee gehang ná halssnoermoord

**Beverley Garson**

TWEE mans van Addo wat skuldig bevind is aan 'n halssnoermoord is gister gehang. Twee mede-aangeklaagdes is deur Staatspresident PW Botha begenadig.

Die vier mans was sedert Januarie 1987, toe hulle deur die Hooggeregshof op Humansdorp gevonnis is, in die dodeselle.

Simolo Lennox Wonci en Mziwoxolo Makeleni se doodsvonnisse is versag na 25 jaar tronkstraf. Ndumiso Siphenuka en Makwezena Menze is ter dood veroordeel en gister gehang. Hulle is skuldig bevind aan die moord van 'n boer, Koos de Jager, 72, en sy vrou Myrtle, 65, van die Kirkwood-distrik in die Oos-Kaap. - ANA

## Dié week in die nuus

**Skermutselinge in** die noorde van Namibia duur voort. Die SAW word daarvan beskuldig dat hulle Swapo-gevangenes summier teregstel.

**Die petrolprys** word vir die derde maal sedert September verlede jaar verhoog.

**Dr Mangosuthu** Buthelezi wys 'n uitnodiging om met die Minister van Grondwetlike Ontwikkeling en Beplanning, dr Chris Heunis, samesprekings te voer, van die hand.

**Monde Mtanga**, streeksdirekteur van Idasa in Oos-Kaapland, word vrygelaat ná 14 maande in aanhouding.

**Geweld in** Natal eis minstens 14 lewens.

**Kenneth Kaunda**, president van Zambië, doen 'n beroep op almal in Suider-Afrika om saam te werk vir 'n nuwe era van vrede by Koning Mswati van Swaziland se mondigwording-feesvieringe.

**Jan van Eck**, onafhanklike LP vir Claremont, se aansoek om lidmaatskap van die Demokratiese Party word afgekeur.

**Van Zyl** Slabbert ontken dat hy hom weer vir die parlement verkiesbaar gaan stel.

**Nog twee** ministers bedank in Zimbabwe weens die Willowgate-motorskandaal. Dit bring die getal hoë amptenare wat al oor die skandaal bedank het, op ses te staan.

**Anglikaanse biskoppe** vra op hul sinode in Maputo vir samesprekings met die NG Kerk.

**Jackson Nkslyane**, 'n 75-jarige Transkeise hoofman wat deur die polisie in Soweto doodgeskiet is, se begrafnis in Umtata word deur 5 000 mense bygewoon.

**Jan Burger** word verkies tot leier van die Nasionale Party in die Johannesburgse stadsraad.

**Louis Nel**, gewese adjunk-minister van inligting, wil volgens gerugte tot die politiek terugkeer.

**Zola Budd** trou sonder dat haar pa genooi word.

Natal word weer deur stormreën geteister.

**Carletonville-sakemanne vra** vir die ontbinding van dié stadsraad in die Hooggeregshof.

**Mynwerkers by** East Rand Proprietary Mines beweer hulle is afgedank terwyl hulle met verlof was. ERPM-bestuur sê die werkers het voldoende kennis gekry.

**OK Bazaars** raak in 'n loondispuut met Ccawusa gewikkel.

**'n Man** van Boksburg word ondervra oor die moord op sy ma.

**'n Maatskaplike** werker van Pretoria-Noord verskyn in die hof op aanklagte van onsedelike aanranding en sodomie.

**Stuart Pegg**, een van die verdagtes in die R47 miljoen-bedrogsaak, se kinders keer terug uit die buiteland.

**Voormalige hoofregter** Pierre Rabie kry ere-lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**Ds GJJ** Labuschagne van die Nederduits Hervormde gemeente Oostelike Pietersburg bedank as predikant nadat hy 'n afkoopboete betaal het vir die oortreding van art 23 van die Ontugwet (uitlokking tot 'n onsedelike daad).

**Transvalers koop** die meeste wyn op die Nederburg-wynveiling.

**'n Swart** vrou word sonder provokasie deur 'n blanke man doodgeskiet in 'n nagklub op Kemptonpark.

**Fingro-finansieringsmaatskappy** word gelikwideer.

**Nelson Mandela** kry die vryheid van KweKwe in Zimbabwe.

**'n Rugby-toeskouer** op Ellispark, Johan du Plessis, word gewond deur 'n geheimsinnige koeël.

**Die polisie** ondersoek bewerings van marteling deur die Brixton Moord-en-roof-eenheid.

**Vier lugmaglede** sterf in 'n vliegongeluk naby Montagu in die Kaap.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Veldtog van verset

Van bladsy 1

stadsraad toegepas word. Aan die een kant kritiseer hulle die stadsrade van Carletonville en Boksburg heftig oor die herinstelling van klein-apartheid, terwyl in hul eie stad rassediskriminasie steeds op groot skaal toegepas word.

Coovadia sê die beweging sal passiewe verset toepas en baie versigtig wees vir enige direkte konfrontasie of geweld.

### Riglyne

Die gedagte vir 'n versetbeweging het sowat twee weke gelede ontstaan tydens 'n konferensie van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief (Idasa).

Coovadia sê riglyne oor wat die beweging kan doen, is reeds aan die komitee voorgelê. Hy sal hom op vier gebiede toespits: gesondheid, behuising, opvoeding en ontspanning.

"Een van die eerste dinge wat ons moet doen, is om blankes bloot te stel aan die probleme wat swart inwoners van Johannesburg ondervind. Hulle is blootgestel aan ontsettende intimidasie en swak dienste.

"Daarom gaan ons blankes uitnooi om vir 'n paar dae saam met swart inwoners te woon en hulle beter te leer ken. Ons hoop om op hierdie manier 'n magtige drukgroep tot stand te bring," sê Coovadia.

### Inwoon

Volgens Neke het blanke inwoners van Pretoria en Pietermaritzburg reeds vir 'n paar dae by swart inwoners gaan inwoon om hulle beter te leer ken.

Daar is net een hospitaal in Johannesburg wat swartes behandel, en dit is die Hillbrow-hospitaal. Benewens die feit dat hy oorvol is, het hy nie 'n pediatriese afdeling nie en moet siek pasiënte ver reis om by byvoorbeeld Baragwanath uit te kom.

Daarteenoor staan die Johannesburg-hospitaal leeg. Verskeie sale in dié hospitaal is reeds gesluit.

Neke sê gekleurde inwoners gaan in die toekoms hulself by die hospitaal aanmeld en daarop aandring om behandel te word. Hulle sal hopelik vergesel wees van blanke ondersteuners.

"Dit kan 'n groot verleentheid vir die hospitaalowerhede wees as hulle sou weier om siek mense te behandel bloot weens hulle velkleur. Uiteraard sal ons probeer om soveel publisiteit as moontlik hiervoor te kry," sê Coovadia.

Swart ma's gaan ook daarop aandring dat hul kinders in blanke skole toegelaat word. Talle skole in veral woonbuurtes soos Mayfair en Joubertpark, waar talle swart inwoners woon, staan leeg.

Coovadia sê daar is net een ontspanningsentrum in Johannesburg wat vir alle rasse oop is, en dit is in Braamfontein. Hoewel alle parke oop is, is daar nie 'n enkele sportveld of swembad waar swartmense kan ontspan nie.

"Ons gaan daarop aandring om hierdie geriewe te gebruik. Ons sal uiteraard in 'n groep by 'n plek opdaag. Die stadsraad gaan baie negatiewe publisiteit kry as hy sou weier om die geriewe oop te stel.

"Die Johannesburgse stadsraad het in die laaste jare geen vordering gemaak na 'n oop en vryer stad nie," sê Coovadia.

# DP-krisis oor Van Eck

**Max du Preez**

DIE Demokratiese Party staar 'n ernstige krisis in die gesig oor die leierskap se weiering om die onafhanklike LP vir Claremont, Jan van Eck, tot die party toe te laat.

Die leierskapskomitee van die party in Noord-Transvaal het Woensdagaand in 'n eenparige mosie geëis dat Van Eck toegelaat word.

Dit het ook aan die lig gekom dat die PFP se kiesafdelingsraad in Claremont reeds voor die stigting van die DP skriftelik gevra word dat Van Eck tot die DP toegelaat word.

Die weiering om Van Eck toe te laat, het die DP klaar 'n knou gegee in die oë van die buite-parlementêre bewegings. Van Eck het deur sy werk in die parlement en sy monitering van township-geweld groot aansien in dié kringe verwerf.

Die skerpste teenstand teen die DP-besluit in die Noord-Transvaalse komitee het gekom van gewese swart PFP-lede, en daar is aanduidinge dat die nuwe party al sy swart lede kan verloor as Van Eck nie toegelaat word nie.

Die besluit om Van Eck nie toe te laat nie, is geneem as kompromis nadat sy toelating deur die gewese Onafhanklike Party van Denis Worrall en elemente van die PFP se Ou Garde teengestaan is, en die aansoek van drie bruin LP's om toelating weer deur die gewese NDB-faksie van Wynand Malan teengestaan is.

# Nelson maak hom reg vir vryheid

**Max du Preez**

NELSON MANDELA berei hom aktief voor vir 'n belangrike rol in die ontknoping van die impasse in die politiek in Suid-Afrika.

Dit het dié week duidelik geword uit nuwe inligting oor die ANC-leier wat by die Victor Verster-gevangenis aangehou word.

Politieke ontleders en diplomate glo Mandela se kommunikasie met die Britse regering, sy brief aan hoofman Mangosuthu Buthelezi en deurlopende kommunikasie met gemeenskapsleiers is betekenisvol, en dui daarop dat hy gereed maak om binnekort 'n leidende rol te speel.

Maar sy prokureur, Ismail Ayob, wat hom dié week besoek het, sê Mandela heg geen waarde aan nuwe spekulasie dat hy binnekort vrygelaat gaan word nie. Die spekulasie is aangevuur deur Staatspresident PW Botha se nuwe uitlatings oor sy vrylating verlede week.

### Brief aan Renwick

Dit het aan die lig gekom dat Mandela wel uit sy eie 'n brief aan die Britse regering geskryf het oor Britanje se houding jeens Suid-Afrika. Dié brief was egter nie, soos in Londen beweer, aan Margaret Thatcher geadresseer nie, maar aan die Britse ambassadeur in Suid-Afrika, sir Robin Renwick.

Verlede week het hy weer 'n brief aan Renwick gestuur en gevra dat dit openbaar gemaak word. In dié brief sê hy dat hy nooit 'n brief aan Thatcher self gestuur het nie, maar hy vra nogtans dat Renwick sy beste wense aan haar moet oordra.

Die misverstand het blykbaar ontstaan nadat Renwick in 'n voorligtingsessie, wat as agtergrond moes dien vir Britse verslaggewers, van die brief vertel het. 'n Londense joernalis het dit aan haar koerant gaan vertel en hulle het 'n skewe berig daaroor geplaas.

Dat die Britte inderdaad beplan om 'n bemiddelingsrol hier te speel, is bevestig met die sterk-bewoorde toespraak - een van die openlikste toesprake oor die Suid-Afrikaanse politiek nóg deur 'n buitelandse ambassadeur - van Renwick tydens die Grahamstadse gradeplegtigheid. Renwick het gesê wette soos die Groepsgebiedewet, Bevolkingsregistrasiewet en wette oor grondbesit moet afgeskaf word en apartheid in onderwys moet geskrap word. Segregasie is nie net moreel onregverdigbaar nie, dit is ook nie prakties moontlik om veel langer in stand te hou nie.

"Die alternatief tot geweld is onderhandeling, en daardie alternatief is nooit méér noodsaaklik as wanneer geweld aan die toeneem is nie," het hy gesê.

Dit het ná Ayob se besoek aan die lig gekom dat Mandela nou vryelik toegang het tot koerante, tydskrifte, radio en televisie en sy adviseurs, prokureurs en familie. Ayob het hom Woensdag tweè uur lank gesien.

Ayob sê Mandela is in 'n goeie gemoedstemming. Hy mis die geselskap van mede-gevangenes, maar hou hom besig met oefeninge in sy eie gimnasium en lees baie.

In sy brief aan Buthelezi sê Mandela hy hoop om "die hartlike verhouding" tussen Buthelezi en die ANC-president Oliver Tambo, en tussen Inkatha en die ANC soos dit in die sewentigerjare was, ten volle te herstel. (Volledige brief hiernaas.)

Die KwaZulu-regering het juis verlede week onomwonde aan die regering gesê dat daar geen onderhandeling of indaba kan wees voordat Mandela vry is nie. Onderhandelinge tussen die twee regerings oor sy vrylating sal binnekort voortgesit word.

## Dear Shenge, van Madiba

Hier is die volledige brief wat Nelson Mandela uit Victor Verster aan Mangosuthu Buthelezi gestuur het. "Shenge" en "Madiba" is die twee se tradisionele name.

Dear Shenge

I thank you for the warm and well considered telex message you sent me on behalf of King Zwelithini and Inkatha on the occasion of my 70th birthday. I also received your letter of August 26, 1988, in which you wished me a speedy recovery from illness, and in which you outlined your efforts, both locally and abroad, to secure the release of prisoners in South Africa.

Apart from your telex and a telegram from Mrs Helen Suzman, hundreds of similar messages came from well-wishers in the country and in different parts of the world. It is partly the unswerving support of such men and women, and partly the achievements made by our organisation within and outside the country which have given prisoners so much strength and hope.

You will readily accept that it is not at all easy from my present quarters to comment fully, and freely, on the sentiments you so eloquently expressed in the above correspondence. It is sufficient to state that your persistent demand for the unconditional release of prisoners before negotiation can start, is a stand which I have always welcomed as a positive contribution to the search for lasting peace in this country.

Obviously, my fervent hope is to see, in due course, the restoration of the cordial relations which existed between you and OR and between the two organisations in the Seventies.

The most challenging task facing the leadership today is that of national unity. At no other time in our history has it become so crucial for our people to speak with one voice, and to pool their efforts.

Any act or statement, from whatever source, which tends to create or worsen divisions is, in the existing political situation, a fatal error which ought to be avoided at all costs.

Far more information than I possess at the moment is required before I can blame any of the parties involved in the deplorable conflicts now taking place in Natal. All the same, I consider it a serious indictment against all of us that we are still unable to combine forces to stop the slaughter of so many innocent lives. The struggle is our life and, even though the realisation of our fondest dreams may not be at hand, we can nevertheless make that struggle immensely enriching or absolutely disastrous.

In my entire political career, few things have distressed me as much as to see our people killing one another as is now happening. As you know, the entire fabric of community life in some of the affected areas has been seriously disrupted, leaving behind a legacy of hatred and bitterness which may haunt us for years to come.


It is a matter which requires the urgent attention of all people in this country. Nothing will please me more than to know that my concern and appeal have not fallen on deaf ears.

Once again, I thank you, the King, and Inkatha for your inspiring message. My best wishes to you and Mndlunkulu.

Yours sincerely

MADIBA.

# Werker doodgeslaan, skuldiges betaal R1 200 elk



Lilly, Stephen Molonye se weduwee

TWEE boere wat 'n swart werker só aangerand het dat hy dood is, is tot 'n boete van R1 200 of vier maande gevangenisstraf elk gevonnis.

Louis Johannes Venter en Pieter Marthinus Fouché is aangekla van strafbare manslag weens die dood van Stephen Molonye, 28, wat deur dié twee aangerand is. Hulle het onskuldig gepleit op dié klag, maar skuldig op die mindere klag van aanranding met die doel om ernstig te beseer.

Die streekhof op Klerksdorp het hulle verlede week op die mindere klag skuldig bevind.

### Parlement

Helen Suzman, die Demokratiese Party se woordvoerder oor wet en orde, het gesê sy sal die uitspraak in die parlement ophaal.

Vrye Weekblad het dié week met die oorledene se weduwee, Lilly, en sy broer Isak op Klerksdorp gesels.

Volgens Isak het Venter vir Stephen daarvan beskuldig dat hy twee beeste gesteel het.

"Baas Louis (Venter) en baas Piet (Fouché) het ons ander werkers op die plaas kom roep en gesê ons moet kom kyk hoe lyk die skelm.

"Ons kom toe by die kamer van Elias Ndaba en sien vir Stephen daar op die grond sit.

"Sy hande en voete was vasgemaak, en hy was kaalgat behalwe vir sy onderbroek.

"Ek het hom lank gekyk voor ek hom ken, want sy gesig was baie geswel en sy lip was stukkend. Daar was bloed op sy bors."

**Anton Steenkamp**

Venter het hom toe gevra: 'Ken jy daai man?' en Isak het gesê: 'Ja, dis my boetie."

Volgens Isak is die twee boere daar weg "om 'n bietjie te gaan drink".

Isak het vir Stephen uitgevra oor die beeste, maar hy het ontken dat hy dit gesteel het.

"Toe kom hulle weer terug, en baas Louis skop vir Stephen in die gesig, en baas Piet slaan hom met die seekoei (sambok) van agter."

Isak sê verder Stephen het op die grónd gelê, maar Venter het hom opgeruk en gesê: "Staan op, jou f... hond, jy's mos nie dood nie. Ek weet hoe lyk 'n mens as hy dood is."

Isak is toe huis toe, en Venter en Fouché is met Stephen op die bakkie daar weg "om die beeste te gaan soek".

Later die aand het hulle weer vir Stephen by Isak se huis kom aflaai en gesê hulle het die beeste gekry. "Jy sien, ek kan die beeste kry as ek hom bietjie slaan," het Venter volgens Isak gesê.

Isak het toe vir Stephen die huis in gehelp, "want hy kon nie loop nie", en hom op die bed laat lê.

"Ek wou hom pap gee, maar hy sê hy soek nie pap nie, net water. Ek gooi die water so in sy mond in, want hy kan nie die beker vashou nie."

Drie-uur die oggend het Venter vir Isak kom haal om te gaan melk. Toe Isak vir hom sê dat Stephen nie kan eet of loop nie, het hy gesê: "Dis oor sy stoutigheid."

Toe hy klaar gemelk het, het Stephen vir hom gefluister: "Ouboet, maak plan, ek moet hospitaal toe."

Isak het nie geld gehad vir 'n taxi nie, "toe leen ek David Olifant se fiets om 'n ambulans te gaan soek in die dorp, maar ek was net so by die Patensie-myn, hier's baas Louis met die bakkie."

Volgens Isak sê Venter toe: "Stephen gaan net k.. praat as hy daar by die hospitaal kom, ek het pynpille vir hom."

Venter vat toe vir Isak terug huis toe, gee vir Stephen twee pynpille en sê hy sal die dokter laat kom.

"Maar ons wag nog die dokter hy moet kom, toe word daai Stephen dood."

Isak het toe 'n klag gelê by die polisie op Orkney en 'n verklaring afgelê.

### Verlaat

Isak sê verder: "Baas Louis het gesê ek en David en Elias moet vir die polisie sê ons het almal vir Stephen geslaan, maar ek het hulle vertel net soos dit gebeur het."


Isak het kort daarna Venter se diens verlaat en werk nou op 'n buurplaas.

Stephen se weduwee, Lilly, werk as bediende teen R50 per maand op Orkney.

Sy het vier afhanklike kinders wat by hul oupa op 'n plaas woon, "maar hy gaan volgende jaar op pensioen, dan moet hy trek."

"Stephen was 'n gesonde man, hy't niks makeer nie," het Lilly kopskuddend gesê.

# Nico Smith: bevry van die onheilige drie-eenheid



Dr Nico Smith - "Die hel is die hemel wat die mens vir homself probeer skep."
*Foto: Anna Zieminski (Afrapix)*

**Elsabé Wessels**

IN die somer van 1951 het drie jong mans, Nico Smith, Johan Heyns en Carel Boshoff hul teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Die drie - maar veral Smith en Boshoff - was vriende, makkers wat opgewonde die segetog van die Nasionale Party in 1948 gevier het.

Veertig jaar later is die drie tydgenote gedugte opponente binne die NGK-familie.

Smith het hom in 1982 op dramatiese wyse losgemaak van die wit moederkerk toe hy as leraar van die NG Kerk in Afrika in die Mamelodi-township in Pretoria gaan woon het. Boshoff, die vaderfiguur van die jongste Volkstaat-voorstel, gee die toon aan in 'n konserwatiewe versetfront binne die NG Kerk. Vasgevang in die middel van dié Afrikanerkonflik staan Johan Heyns, moderator van die NGK, gebondene van die regerende monoliet.

Dit is dié krisis en konflik van wit Afrikaners, verpersoonlik in die lewens van Smith en sy tydgenote, wat die bewussynslae vorm in 'n gesprek met Mamelodi se wit maruti.

Vandag sien Smith en sy vrou Ellen hulself as wit Afrikane van die township - middelbewoners in Suid-Afrika se gedwonge twee wêrelde van wit en swart.

In sy huthuis in Mamelodi se U-blok staan Smith se meubels en boeke beknop langs mekaar. In sy ruim huis in die boomryke Stellenbosch, waar hy jare lank professor in die sendingwetenskap was, het die interieur en landskap 'n heeltemal ander prentjie gevorm.

Die stilte van Stellenbosch se eikelanings is ingeneem deur luidrugtige straatverkeer, die stemme van kaalvoet kleuters en die dreunsang wat aangerol kom van die nabyliggende trekarbeiderhostelle.

Smith lyk en klink gelukkig. As hy praat oor die "verskansing" van die Afrikaner is dit met 'n toon van bevryding in sy stem. Voel hy bevry?

"Goddank ja, dis 'n wonderlike ding," roep hy uit. Maar die pyn van worstel met sy eie mense slaan plek-plek deur.

Op Dinsdag, 11 April was Smith 60 jaar oud. Sowat veertig van dié jare is binne die geborgenheid van die "onheilige drie-eenheid van mag" - die NGK, die NP en die Broederbond - deurgebring.

"Die Afrikaner het 'n koue, harde kokon rondom homself gespin. Dit het gestalte gevind in die meer as duisend apartheidsregulasies wat van betrekking is op 'n swartman wat in die straat af stap," sê Smith.

## Dromer en doener

Die dubbele aanslag van dromer en doener is 'n kenmerk van die gulhartige prediker. 'n Oud-student van Smith het dit só opgesom: "By prof Nico het ons geleer wanneer om die toga af te haal en die voorskoot aan te sit."

Nadat hy in 1956 'n kongres bygewoon het waar die Tomlinson-verslag oor die toestande in die "tuislande" bespreek is, het hy die glans van 'n studentegemeente verruil vir die sendingveld.

Hy en sy vrou Ellen, 'n mediese dokter, was die ideale paar om 'n sendingstasie op Shilidzine te begin.

Maar dit was sy "geestelike vriend" Carel Boshoff en dié se vrou Anna, dogter van HF Verwoerd, wat die deurslag gegee het in dié besluit.

"Ons was almal so oortuig daarvan dat Suid-Afrika die regte pad gekies. Die doel van apartheid was juis om vir jou naaste dieselfde te gee as wat jy het".

Smith was in die vyftigerjare nog so meegevoer deur die apartheidsdroom dat hy by Tshilidzine (plek van genade), uitgenooi deur buitelandse sendelinge, geweier het om saam met swart sendelinge aan te sit vir ete. "Dit was vir my 'n skending van die apartheidsbeskouing wat ons teologies gefundeer het.

"Dit was soos 'n psigiese versperring. Ek kon nie aan die tafel van 'n swartman eet nie."

Met dieselfde hartstog, maar met 'n nuwe menslikheidsoortuiging, het Smith Koinonia in 1986 gestig. Juis om wit en swart saam te laat aansit, saam te laat bid, saam te laat leef - 'n praktiese versoeningsdaad waarin duisende Christene sedertdien die kleurgrens oorgesteek het om "die ander wêreld" te ontdek.

Smith het in 'n sterk NP-huis op Kroonstad grootgeword. Van jongs af het hy geglo God het verskillende mense geskep wat onversoenbaar is. "Daarom het ek in 1948 geglo die werklike vrede gaan aanbreek. Eers heelwat later het hy besef "die hel is die hemel wat die mens vir homself probeer skep."

Op 11 het hy by die Ossewa Brandwag aangesluit "om die land van die Engelse te bevry".

As student op UP in die laat veertigerjare is die opwellende gevoel vir nasionalisme gesterk deur 'n onverwagse NP oorwinning. Die lied van 'n nuwe jong Suid-Afrika was in sy hart.

Vandag hoor die wit Afrikaan wéér die lied van 'n volk se ontwaking - jong swart kinders wat toyi-toyi en Nkosi Sikelel'i Afrika sing.

"In 1948 het die Afrikaner die swart man wat hy gekoloniseer het uit sy lewe verban. Hy het homself toegespin in 'n kokon.

## Kokon staalhard

"Vandag probeer die NP met sogenaamde hervorming uitbreek, maar die kokon het staalhard geword. Die binneste kern gaan om wit Afrikaneroorheersing, want die Afrikaner glo as hy nie in beheer is nie, alles in die `gutter' sal beland. Maar hoe langer hulle uitstel om te onderhandel, hoe minder sal hul aandeel in die toekomstige bedeling wees," sê hy.

Smith is uitgesproke oor die Broederbond. Hy sê die geheime strategies politieke aard van die sogenaamde "diensorganisasie" het die eerste verwydering tussen hom en sy tydgenote gebring. "Dit is binne die Broederbond dat ek ontdek het ek is nie vry nie."

Smith is in 1963 toegelaat tot dié eksklusiewe Afrikaner-organisasie. Tien jaar later is hy daar uit, omdat hy nie 'n dokument wou onderteken waarin lede hul lojaliteit aan die NP verklaar nie. Hy het die hoofraadsbesluit beskou as 'n teken van die gekonkel van die "onheilige drie-eenheid". Sy grootste teenkanting sou kom van mede-leraars.

Vandag, na sewe jaar in Mamelodi, koester Smith een droom: 'n Verenigde Gereformeerde Kerk van Suidelike Afrika. Dié droom deel hy met Beyers Naudé, Allan Boesak en duisende ander Christene.


"Daar word al 25 jaar lank gepraat (rondom NP-ideologie) oor die probleme van eenwording. Maar nou lyk dit moontlik. Die swart jong kerke staan saam. Ons hoop dat daar teen die einde van 1990 één Gereformeerde Kerk sal wees. "

Oppad na die tuinhekkie besin Smith steeds oor die rol van die wit kerk: "Die kerkberaad by Vereeniging het die naaktheid van die NGK ontbloot. Kerkleiers se gebondenheid aan die Afrikanervolk en die NP was pateties. Die wit kerk se isolasie is finaal," sê Smith terwyl sy stem deel word van die straatklanke van Mamelodi se U-blok.


BRING DIE LANGNAWEEK IN MEI DEUR BY WITS SE

HERFS FEES

3 tot 7 Mei 1989
Lesings - Werkwinkels - Musiek - Beeldende kuns - Drama - Flieks - Uitstallings - Jazz - Bier en wynfees - en 'n kinderprogram



Programme en besprekings by Computicket vanaf Maandag 17 April
Almal is welkom
Navrae: (011) 716 3470/ 3481/ 3498/ 3516



Enos Mabuza

# Ons soek Boere-glasnost en Pretoriastroika, sê Mabuza

Max du Preez

GEE vir ons ook glasnost en perestroika, is die oproep waarmee die hoofminister van Kangwane, Enos Mabuza, dié week uit Moskou teruggekeer het.

Mabuza het sy besoek, saam met Idasa se Van Zyl Slabbert en Stellenbosse professor Johan Degenaar, as 'n "openbaring" beskryf.

"Man, jy moet self in die strate van Moskou loop en met die gewone mense én die senior amptenare gesels om te kan ervaar wat glasnost en perestroika werklik beteken. Niemand is apologeties oor hulle foute nie; niemand kyk oor sy skouer na waar die KGB dalk is nie. Dit is 'n eerlike, openlike en diepgaande selfondersoek.

"En as die Russe dit kan doen, kan ons ook," sê Mabuza met geesdrif. "En niks is méér nodig as dit nie: om 'n klimaat hier te skep waar ons sonder inhibisies kan begin praat oor ons foute, ons probleme, ons aspirasies, ons vrese."

Wat moet gebeur voor dit hier kan gebeur?

"Die regering moet drie basiese stappe neem. Die noodtoestand moet heel eerste opgehef en leiers vrygelaat word. Dan moet ons 'n vaste onderneming kry, miskien meer as net 'n onderneming, dat wette soos die Groepsgebiedewet en Bevolkingsregistrasiewet geskrap gaan word, en laastens 'n geloofwaardige onderneming dat die mag sal verskuif van die wit minderheid na die verteenwoordigers van die hele nasie.

"Hierdie stappe sal die situasie ontsluit, en dan kan ons vryelik oor al ons probleme praat. Dan kan ons begin beweeg na 'n regverdige politieke en ekonomiese bestel."

Kan dit gebeur terwyl die gewapende stryd voortduur?

"Nee. Maar as daar 'n werklike onderneming van die kant van die regering is om met die proses van gesprekvoering te begin, sal die geweld verminder en selfs heeltemal gestaak word."

Is swartmense gereed vir 'n proses van glasnost?

"Sedert 1910 al. Die probleem is net dat van die jongeres al so radikaal geword het soos die oplossing uitgestel word, dat daar dalk 'n probleem kan kom."

En die witmense? Is hulle gereed?

"As hulle meer blootgestel word aan hulle landgenote, ja. Ek het 'n groot vertroue in alle Suid-Afrikaners. Die probleem is net dat blankes hulself so lank geïsoleer het van die werklikheid in Suid-Afrika. As hulle weet wat aangaan om hulle, sal hulle self begin vra vir glasnost en 'n openlike bespreking van vrese en aspirasies."

Mabuza sê sy indruk was dat die senior Sowjet-amptenare met wie hulle beraadslaag het, uiters goed ingelig is. Dit is aan hulle duidelik gemaak - en hy aanvaar dit so - dat die Sowjet-Unie vir hulself geen ekonomiese of strategiese belange in Suid-Afrika sien nie, en dus stel hulle, soos Amerika en Brittanje, bloot in 'n vreedsame politieke oplossing belang.

Maar dit beteken nie dat hulle hul steun aan die ANC sal laat vaar of selfs druk op sal toepas vir die beëindiging van die gewapende stryd voordat apartheid nie afgeskaf is nie.

Daar is ook geen kans dat diplomatieke betrekking met Pretoria aangegaan sal word voordat die wit minderheidsregering nie beëindig is nie.

# Nou kuier Russe glad in SAW se basisse in Namibia

Jacques Pauw en Gordon Killick

GLASNOST het ook sy weg na Namibia gevind toe vier Russiese joernaliste onlangs deur die weermag onthaal en op 'n begeleide toer deur eenhede in die noordelike gebiede van dié land geneem is.

"'n Jaar gelede was so iets absoluut ondenkbaar. Toe was ons veronderstel om vyande te wees. Nou is ons met ope arms deur die Suid-Afrikaanse Weermag ontvang en soos konings behandel," sê Andrei Doubrofski, een van die Afrika-verslaggewers van die Novosti-nuusagentskap en die Moscow Times.

Doubrofski is in Harare werksaam. Saam met hom op die toer was verslaggewers van onder meer Tass en Pravda.

Dieselfde joernaliste is tans ook op 'n toer deur Suid-Afrika. Waar hulle in Namibia 'n vrye hand gehad het en kon kom en gaan soos hul wou, word hulle in Suid-Afrika vergesel deur 'n amptenaar van die Buro vir Inligting.

Oor sy besoek aan weermageenhede, sê Doubrofski: "Ek is van mening dat die SAW 'n magtige oorlogsmasjien is. Die basisse wat ek besoek het, was goed toegerus en tot die tande bewapen.

"Die SAW word beskou as die grootste in Afrika. Niemand uit die buurstate gaan julle egter aanval nie. Dit is nie die moeite werd om so 'n groot weermag in stand te hou nie omdat dit net die stabiliteit op die sub-kontinent kan bedreig.

"Die lande om julle word hierdeur gedwing om al hoe meer geld aan verdediging te bestee omdat hulle 'n aanval uit Suid-Afrika vrees. Nie een van die frontlinie-state sal julle ooit aanval nie. Julle invalle in die buurlande het julle egter 'n baie slegte militêre reputasie besorg," sê hy.

Doubrofski en sy kollegas het oral groot belangstelling gaande gemaak op hul toer deur Namibia. 'n Fotograaf van die Weermag het oral saamgereis om die geskiedkundige oomblikke op film vas te lê.

Doubrofski glo dat Suid-Afrika die groot destabiliserende faktor in Namibia is en dat dié land al lankal uit die gebied moes padgee sodat die inwoners oor hul eie toekoms kan besluit.

Die inwoners van Rusland toon in die laaste jare 'n baie groot belangstelling in Suid-Afrika. Talle artikels oor dié land het onlangs verskyn wat die verhaal van die Afrikaner vertel vanaf die Groot Trek, die Anglo-Boere-oorlog tot op hede.

"Dit is veral verhale van die Boereoorlog wat baie gewild is. Die jongmense lees in boeke van die Boere se heldestryd teen die Britse kolonialiste. Daar is selfs liedjies oor dié oorlog.

"Een van die beste kinderboeke is Captain Brakle Meck deur Louis Boussenar. Dit is die verhaal van 'n jong Fransman wat na Suid-Afrika gekom het om teen die Britte te veg. Meck was 'n peletonbevelvoerder en die boek handel oor sy heldedade.

"Vandag is blanke Suid-Afrikaners nie meer helde in Rusland nie omdat hulle almal dink julle veg teen die swart meerderheid," sê hy.

Daarom, sê hy, sal Rusland se steun vir die ANC in die toekoms voortduur. "Ons sal onder geen omstandighede ons steun vir die bevrydingsbewegings in Afrika beëindig nie. Dit is ons beleid die afgelope sewentig jaar en ons sal daarmee voortgaan."

Tog is Russiese denke besig om te verander. Doubrofski sê menslike waardes is nou belangriker as die klasseverskil of die stryd tussen kapitalisme en kommunisme.

"Ons praat nou met die hele wêreld en dink nie meer aan onsself en andere as kommuniste of kapitaliste nie. Ons is nou realiste. Daarom sal ons enige beweging steun wat 'n vreedsame oplossing in Suid-Afrika teweeg kan bring."

Die totale aanslag, sê Doubrofski, is 'n mite. Hy sê dit sal logisties byna onmoontlik wees om Suid-Afrika binne te val.


"Daar is mense wat sê dat Rusland baie graag die Kaapse seeroete wil inpalm. Ons het egter vir baie jare daarsonder klaargekom en sal dit in die toekoms ook doen. Dit mag goedkoper wees om dié seeroete te gebruik, maar vir 'n paar dollar sal ons nie so 'n groot internasionale insident veroorsaak nie."

Die publikasie waarvoor Doubrofski werk, Moscow Times, is 'n voorbeeld van die mate waarin glasnost die Russiese lewenswyse verander het. Dit word in Engels vertaal en by internasionale lughawens in Europa verkoop.

Moscow Times is 'n progressiewe en bevryde koerant. Dit skroom nie om die Russiese stelsel te kritiseer nie. Dit het byvoorbeeld al artikels gepubliseer oor die mate waarin Stalin vandag vir Rusland se probleme verantwoordelik is.

Die Russiese regering besef dat hy in die huidige gees nie maklik die koerant aan bande kan lê nie. Daarom het hy 'n baie hoë belasting daarop geplaas om hom buite bereik van die meeste Russe te hou.

Doubrofski sê die gewone werker in Rusland en die top-amptenare steun byna almal Gorbatsjof se nuwe ekonomiese en politieke inisiatiewe. Die probleem lê by die burokrasie wat aan mag kleef en onwillig is om nuwe beleidrigtings te implementeer.



## Baas van die plaas of kroonprins van ons eie piesang-republiek?

**Met Hardy Botha van Daljosafat se inskrywing vir die Teken FW-kompetisie, getitel Die baas van die plaas, loop die kompetisie ten einde. Vrye Weekblad se redaksie en die spotprenttekenaar Roger Titley besluit Vrydag op die wenners en hulle sal in volgende week se uitgawe bekend gemaak word.**

**In teenstelling met uitsprake van pres PW Botha dat geweld in Natal besig is om af te neem, toon navorsing deur die Universiteit van Natal dat dit nie die geval is nie. Gevegte woed voort en polarisasie verdiep. WILLIAM HARPER van The New African, die nuwe Durbanse weekblad, doen verslag**

# Situasie nié onder beheer in Natalse binneland



Hoofminister Gatsha Mangosuthu Buthelezi - "Hulle beplan nie die mobilisering van tradisionele leiers om enige ander rede as om my te verslaan nie". *Foto: Paul Weinberg (Afrapix)*

POLITIEKE moorde in die Pietermaritzburg-gebied neem toe ongeag bewerings van die regering dat die situasie onder beheer is.

Volgens navorsing gedoen deur die Centre for Adult Education van die Universiteit van Natal, is 168 mense sedert die begin van die jaar tot die einde van Maart in die Natalse binneland vermoor.

In Desember verlede jaar is 87 mense vermoor - die hoogste getal per maand nóg sedert die bloedige gevegte 'n hoogtepunt bereik het in 1987.

Tussen 31 Maart en 13 April - nie eens twee weke nie - is nege mense vermoor en 32 beseer in geweld in die gebied, meestal in die Pietermaritzburg/Howick-distrik.

Volgens die navorsing is 1 300 mense sedert Januarie 1987 in die binneland vermoor.

Duisende mense is dakloos gelaat en miljoene rande in eiendom vernietig.

John Aitchinson, die hoof van die sentrum, sê die geweld in die gebied neem aanhoudend toe.

"Wat gebeur is dat die polariserende effek op die groepe verdiep," het Aitchison gesê.

Volgens Aitchinson het pres PW Botha verlede maand gesê die geweld is besig om af te neem - dit was gesê in reaksie op 'n beroep deur biskop Michael Nuttall dat 'n kommissie van ondersoek gelas moet word.

Volgens Aitchinson is dit 'n bewys dat Botha "mislei" is.

"As 50 mense per maand vermoor word om politieke redes, kan jy nie die situasie as 'kalm' beskryf nie," het hy gesê.

# 'Alles begin by 'n oog vir 'n oog'

**William Harper**

HOOFMAN Mhlabuzima Maphumulo is 'n indrukwekkende man. Hy straal 'n aura van uitgesproke dog aardse selfvertroue uit, wat beide sy skerpsinnigheid komplimenteer en verdoesel.

Wanneer hy praat, luister jy omdat sy standvastigheid en redelikheid al beroemd én berug geword het.

Hy is tersefdertyd gemaklik en ernstig, 'n modieus-geklede man wat sy tradisionele rol as "sambreel" van sy mense in 'n baie ernstig lig beskou.

Hy het op baie tone getrap deur die werwing van rekrute vir politieke organisasies in sy Maqongo-gebied te verbied.

Nogtans beweer hy dat hy ongeveer 30 000 volgelinge in die gebied het, waarvan 10 000 vlugtelinge met uiteenlopende politieke oortuigings is.

"Ek het geen beskerming nodig nie," sê die 39-jarige leier, en voeg by dat hy nie sal toelaat dat sy gebied in 'n moordsone ontwikkel nie.

"Baie mense bel my, én mense wat ek in die strate ontmoet sê almal 'ons ondersteun jou een honderd persent, gaan so voort'. Dié mense het uiteenlopende politieke oortuigings, maar beskou my as die man wat die geweld gaan beëindig."

Maphumulo sê die sleutel tot vrede is neutraliteit.

"Ek het vir my mense gesê of jy nou UDF of Azapo of Inkatha of ANC of PAC is, moenie uitgaan en ander mense probeer dwing om aan te sluit nie. Niemand word toegelaat om snags uit te gaan en by mense aan te klop om vir hulle te sê hulle moet nou aansluit nie - dit is waar die geweld begin het.

"In my gebied is almal vry om te doen wat hulle wil. As dit elders die geval was, en die hoofmanne het nie kant gekies nie, sou ons sekerlik nie die probleme gehad het wat ons nou het nie.

"'n Leier wat kant gekies het kan onmoontlik die situasie beheer, want hy is nie in staat daartoe om 'n regverdige oordeel uit te spreek nie."

Hy sê die tuislandregerings het hoofmanne in 'n posisie geplaas waar hulle nie meer neutraal kan wees nie.

Hy kla dat Inkatha, ondanks die verbod op werwing, probeer het om mense in sy gebied te werf, maar dat 10 000 van sy volgelinge op 'n vergadering gestem het om dié werwers uit te hou.

Maphumulo sê hy het die regering gevra om 'n kommissie van ondersoek na die geweld in KwaZulu in te stel, nadat Hoofminister Mangosuthu Buthelezi nie daarin kon slaag om die probleme in die gebied die hoof te bied nie. Buthelezi het hom hieroor gekritiseer en na bewering die staatspresident gevra om Maphumulo se versoek te ignoreer.

Buthelezi het gesê dat Maphumulo hom eers in die verband moes genader het. Maphumulo beweer dat hy reeds verskeie kere, sonder enige welslae, Buthelezi daaroor wou spreek, maar dat hy nooit die kans gegun is nie.

"Die hoofminister is in kennis gestel van die geweld. Hy is bewus daarvan. Hy sê hy is die enigste persoon wat toegang tot die staatspresident het om die geweld te beëindig, maar hoekom doen hy dit nie?

"Die hoofminister sê hy kan nie by die geweld baat vind nie, maar hy het al verskeie kere gesê dat lede van Inkatha die reg het om hulle teen ander te beskerm - 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand. 'n Verantwoordelike leier praat nie so nie - as jy eers so praat, sê jy vir jou volgelinge dat hulle maar hul teenstanders kan aanval.

"Hy probeer nie die twee groepe versoen nie."

Sy sienswyses het hom al sedert die vroeë sewentigerjare in konflik met Inkatha se leierskap gebring.

In 1978 het Inkatha sy leierskap opgeskort, maar hy het dit na die Hooggeregshof geneem en is weer aangestel. In Oktober van dieselfde jaar is hy in die uitvoerende vergadering van KwaZulu aangerand. Hy het daarna opgehou om in die vergadering te dien, maar het sy setel hervat ná Roger Sishi, die burgemeester van Mpumalanga, bedank het.

"Die tuislandregerings gaan oor 'n jaar of twee iets van die verlede wees - hulle besef dat die mense van Suid-Afrika één parlement wil hê. Die tuislande is 'n mors van geld en tyd en verdeel die mense." - The New African


**Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke**

**'n Twee jaar opleidingsprogram in Ontwikkeling word beoog deur die VOA-Taakmag van die SARK. (Die vakleerlinge sal nie werknemers van die SARK wees nie). Die program sal fokus op ontwikkelingsbekwaamheid in projekorganisasie, bestuur en waardebepaling, finansiële bestuur, analise en evaluasie, probleemoplossing en hoe om met gemeenskapsontwikkelingsprogramme saam te werk.**

Aansoekers, ongeag ras, geslag of geloof, met die volgende kwalifikasies sal voorkeur geniet:
- ten minste matriek
- ondervinding in gemeenskapsontwikkelingsprogramme
- gemaklik in minstens Engels en in een ander taal kan kommunikeer
- 'n bestuurderlisensie
- bereid wees om in SA rond te reis

Vergoeding aan vakleerlinge is onderhandelbaar. Aansoeke moet die VOA-taakmag Sameroeper, Posbus 4921, Johannesburg 2000, bereik voor 30 April met die naam, adres en telefoonnommer van drie verwysings.


# Groot indoenas sit koppe bymekaar

**Sipho Khumalo**

DIE Kongres van Suid-Afrikaanse Tradisionele Leiers (Cotralesa) het 'n "aansienlike hoeveelheid" leiers in Natal georganiseer en die reaksie op die organisasie is "ongeloflik", volgens 'n senior amptenaar van die organisasie.

Cotralesa, wat beoog om "tradisionele leiers in die breë demokratiese beweging te vestig", het teen die einde van verlede jaar - toe geweldpleging in die gebied op sy ergste was - op versoek van hoofmanne begin organiseer.

Die hoofminister van KwaZulu, Gatsha Mangosuthu Buthelezi, het onlangs teen die party-politisering van tradisionele leiers gewaarsku, en het gesê dat dit "ernstige bedreigings" vir al die lede van die uitvoerende vergadering inhou.

Oor Cotralesa het hy gesê: "Hulle beplan nie die mobilisering van tradisionele leiers om enige ander rede as om my te verslaan nie."

Hy het gesê dat Cotralesa deur die nasionale uitvoerende raad van die ANC in 1986 gestig is.

Hierdie aantygings is deur Siphiwe Thusi, een van die vier lede van Cotralesa se sekretariaat, van die hand gewys.

Hy het gesê die demokratiese beweging word nog altyd deur Buthelezi as 'n bedreiging beskou.

"Ons organiseer net tradisionele leiers en ons glo dit is 'n gewettigde stap.

"Buthelezi val altyd demokratiese bewegings soos UDF en Cosatu aan as 'n front vir die ANC."

Gebore uit 'n sterk weersin in die onafhanklikheid van KwaNdebele in 1986 het Cotralesa al uitgebrei na Venda, Gazankulu, Lebowa, KwaNgwane, Transkei, Ciskei, Bophuthatswana en, meer onlangs, na Natal.

Die voorsitter is hoofman Kgaogelo Mafiri van Lebowa. - The New African

## NÓG 'N INTERDIK DREIG TEEN WEERMAG EN SWAPOL

# Aanklagte teen soldate stapel op

Jacques Pauw

DIE propaganda-oorlog in Namibia tussen die SA Weermag en Swapo het 'n hoogtepunt bereik met verhale van winkeleienaars in die noorde van die land wat ná intimidasie deur soldate hul winkels moes sluit en Swapo-klere wat van mense se lywe afgeskeur word.

Die Regshulpsentrum in Windhoek het op 4 April vanjaar 'n brief geskryf aan die bevelvoerder van die SWA-gebiedsmag, genl Willie Meyer, om weer eens beswaar te maak teen die intimidasie.

Die hernieude vlaag van intimidasie volg nadat die Spesiale Gesant van die VV, Martti Ahtisaari, op 1 April toestemming gegee het dat 101 Bataljon weer in Ovamboland aangewend mag word.

Inwoners van Ovamboland is besig om 'n petisie saam te stel om die VV te vra om tussenbeide te tree en hulle te beskerm teen intimidasie en aanranding deur die weermag en polisie (Swapol). Daar is al byna 5 000 handtekeninge ingesamel.

Maar intussen het Swapo se reeds geskade rekord 'n verdere knou gekry toe 'n petisie met byna 100 handtekeninge van Swapo-lede uit die Mboroma-vlugtelingkamp in Zambië na die buitewêreld gesmokkel is.

Die lede, wat almal aangehou word omdat hulle Suid-Afrikaanse spioene sou wees, sê hul vrees vir hul lewens.

Swapo het onder meer verlede maand op 'n perskonferensie in Windhoek gesê dat hy nog moet besluit wat om met die SA spioene in aanhouding te doen.

Swapo word op sy beurt ook deur die Weermag van intimidasie beskuldig. Volgens verslae word mense in veral die noorde van die land met die dood gedreig as hulle nie vir Swapo sou stem nie, en kinders by skole word glo gedwing om Swapo-liedjies te sing.

### Geskiet

Die Weermag beweer dat 'n dokter in die Kavango onlangs moes bedank nadat sy deur haar kollegas geïntimideer is toe sy Weermagdokters gehelp het om 'n kind te behandel wat deur die veiligheidsmagte geskiet is.

Klagtes oor intimidasie deur 101 Bataljon stroom in by die Regshulpraad.

Advokaat David Smuts, direkteur van die Raad, sê: "Intimidasie deur die weermag het nou 'n hoogtepunt bereik. Dit is heeltemal in stryd met die gees van die skikplan."

Die inwoners vra onder meer in die petisie dat die VV onmiddellik 'n skakelkantoor in Ovamboland moet open om na mense se klagtes te luister en om hulle te adviseer oor hul regte as kiesers.

Volgens Smuts soek 101 Bataljon Swapo-ondersteuners uit en molesteer hulle. Die weermag ontvang ook daagliks verslae oor wie in Ovamboland Swapo ondersteun.

Die Regshulpraad het verskeie klagtes ontvang van inwoners wat beweer hul Swapo-klere is deur lede van 101 Bataljon van hul lywe afgeskeur. Daar was ook gevalle van Swapo-vergaderings wat opgebreek is en selfs mense se klere wat aan die brand gesteek is.


Smuts sê die weermag help die DTA met sy verkiesingsveldtog deur mense te dwing om DTA-klere te dra en hulle te ontmoedig om vir Swapo te stem.

Smuts het bevestig dat hy 'n brief aan Meyer gestuur het waarin hy met verdere stappe dreig as die intimidasieveldtog nie beëindig word nie. Hy wou egter nie die inhoud van die brief bekend maak nie.

Na verneem word het die weermag nog nie op die brief geantwoord nie.

Die Regshulpraad het verlede maand 'n hofinterdik teen Swapol en die weermag aangevra om intimidasie te beëindig. Die aansoek is geskik toe Meyer en die bevelvoerder van die polisie, genl Dolf Gouws, onderneem het om nie verdere intimidasie toe te laat nie.

Vrye Weekblad verneem dat die Raad besig is om verdere dokumente voor te berei vir nog 'n interdik teen die weermag en polisie.



Afgevaardigdes by die sesde nasionale NUM-kongres
*Foto: Cedric Nunn (Afrapix)*

# Geen demokrasie sonder onafhanklike regbank

**Enoch Dumbutshena het verlede week by die kongres van die Regshulpsentrum gepraat oor regsoewereiniteit in 'n demokrasie. Ondanks die sterk kritiek wat hy teen die Zimbabwiese regering uitgespreek het, is hy aangestel as die hoofregter. ANTON STEENKAMP doen verslag.**



*Foto: Robert Magwaza*

DIE beste waarborg vir die beskerming van persoonlike vryheid, glo Enoch Dumbutshena, die hoofregter van Zimbabwe, is 'n verligte demokrasie met 'n onafhanklike regbank.

'n Verteenwoordigende, demokraties verkose parlement, openbare bespreking, 'n vrye pers en 'n ingeligte openbare mening is kenmerke van 'n demokrasie, maar selfs in so 'n stelsel misbruik die uitvoerende gesag en parlement soms sy mag.

Om dit te verhoed, is 'n onafhanklike en dapper regbank noodsaaklik, tesame met grondwetlike beskerming vir die regte van die individu.

### In gevaar

Tensy die regbank duidelik verwyderd is van die wetgewende en uitvoerende gesag, en beskerm word teen politieke en ekonomiese invloed, word die voorwaarde vir onafhanklikheid in gevaar gestel, sê Dumbutshena.

Om ekonomiese onafhanklikheid te verseker, moet die regsprekende gesag verkieslik sy eie begroting hê. Dit is ongelukkig nie die geval in Zimbabwe en in baie ander lande nie.

Regters moet nooit aangestel word op grond van hul politieke verbintenisse nie. In Zimbabwe bestaan die regbank uit 'n allegaartjie van voormalige ondersteuners van Ian Smith, biskop Muzorewa en ander. Hulle word nie aangestel deur die regering óf die president nie, maar deur die Judicial Service Commission, bestaande uit die Hoofregter, die Regterpresident, die Prokureur-Generaal, die voorsitter van die Staatsdienskommissie en nog regskenners.

Politieke onafhanklikheid is 'n belangrike vereiste vir regspraak.

Kort na onafhanklikheid is Dumbutshena, 'n Zimbabwiese advokaat wat nog nooit lid was van die regerende Zanu (PF) nie, aangestel as regter.

In die saak York teen die Minister van Binnelandse Sake het Dumbutshena uitspraak gegee teen die regering. In 1983 is hy aangestel as Regterpresident, onder meer weens die onpartydigheid wat uit die York-saak geblyk het.

Kort daarna het Dumbutshena vier lugmagoffisiere, wat weens sabotasie aangekla was, vrygespreek omdat hul getuienis ontoelaatbaar was. In 1984 is hy aangestel as Hoofregter.

Wanneer die uitvoerende gesag die onafhanklikheid van die regbank probeer inkort, moet regters dit teenstaan.

Toe Ian Smith eensydige onafhanklikheid verklaar het - en van regters vereis het om lojaliteit teenoor die nuwe "grondwet" te sweer en 'n nuwe regterlike eed af te lê - met die dreigement van ontslag sonder vergoeding - het hulle geweier.

### Besluit

As 'n regime verander, moet 'n regter besluit of hy steeds aan alle mense reg kan laat geskied sonder benadeling. So nie, moet hy of sy bedank.

As die uitvoering van die regering se prerogatiewe private regte, belange en die regmatige verwagtings van burgers beïnvloed, kan die jurisdiksie van die howe nie uitgesluit word nie en is die regering se dade onderworpe aan geregtelike hersiening.

In 'n nuwe staat is 'n grondwetlik verskanste handves van menseregte die beste waarborg dat die individu se regte deur 'n onafhanklike regsprekende gesag beskerm kan word.

In Zimbabwe dien dit as versekering dat die Rule of Law beskerm word, sê Dumbutshena.

Aangehoudenes is byvoorbeeld geregtig op die redes vir hul aanhouding, hersiening en regsverteenwoordiging.

Die howe het self dié beginsels uitgebrei om te voorkom dat mense aangehou word sonder 'n geldige rede.

Die howe het ook sekere basiese regte in aanhouding uiteengesit, soos behoorlike huisvesting en kleding, voldoende kos en mediese hulp, beskerming teen aanranding, 'n verbod op eensame opsluiting en die reg tot voldoende oefening.

Die sosiale en ekonomiese regte van die meerderheid van die Zimbabwiese bevolking het baie verbeter sedert onafhanklikheid.

# NUM stuur gesante na Bush en Thatcher

Anton Steenkamp

MYNWERKERS het 'n besluit aangeneem om drie afgevaardigdes na Londen, Washington en Bonn te stuur om 'n beroep te doen op Margaret Thatcher, George Bush en Helmut Köhl om nie die Suid-Afrikaanse regering en die "wette wat werkers onderdruk" te ondersteun nie.

Werkerseenheid was die sentrale tema van die National Union of Mineworkers (NUM) se sesde nasionale kongres wat verlede naweek in Johannesburg gehou is.

Resolusies oor die ANC se nuwe grondwetlike voorstelle, gegrond op die Vryheidsmanifes, diensvoorwaardes, lone, opvoeding, gesondheid en veiligheid op die myne is aanvaar.

James Motlatsi, president van NUM, het in sy openingstoespraak gesê die afgevaardigdes moet 'n strategie uitwerk om toenemende onderdrukking op die myne te bekamp.

NUM se voortgesette steun aan Swapo en die National Union of Namibian Workers (NUNW) is deur Motlatsi herbevestig.

### Beroep om te verenig

Die algemene sekretaris van Cosatu, Jay Naidoo, het 'n beroep op werkers gedoen om te verenig in die breë demokratiese beweging se stryd teen apartheid.

Harry Gwala, 'n oud-leier van die ANC wat saam met Nelson Mandela tronkstraf uitgedien het op Robbeneiland, het as lewenslange ere-president van NUM 'n openingstoespraak gelewer.

Hy mag egter nie aangehaal word nie.

Die ANC se grondwetlike voorstelle sal in NUM-strukture bespreek word, en hulle gaan 'n beroep op Cosatu doen om 'n konferensie oor dié onderwerp te reël.

'n Resolusie is aanvaar dat Cosatu en die UDF die leidende rol moet speel in 'n breë anti-apartheidskoalisie.

'n Nasionale minimumloon vir alle mynwerkers gaan deur NUM beding word. Die kongres het sy solidariteit uitgespreek met mynwerkers by Rustenburg Platinummyn, wat al 50 dae lank staak vir hoër lone.

NUM beplan 'n bloudruk oor die toekoms van die mynbedryf, wat in 1991 aan die nasionale kongres voorgelê sal word.

# Mensies van gister vandag se uitskot

**Een van Afrika se grootste tragedies is besig om hom af te speel in Boesmanland. Die Boesman, wat al 40 000 duisend jaar lank dié kontinent bewoon, is nie nou êrens besig om die eland te bekruip of legendes van die maan om die vuur te vertel nie. Hy lê nou sy roes en afslaap op die drankwinkel se stoep. Die SA Weermag, alkohol, tabak en die Christendom het sy tol geëis. JACQUES PAUW vertel meer. PAUL WEINBERG van Afrapix het die foto's geneem**

BOESMANLAND is 'n leë wêreld - 'n uitgestrekte land van doringbos en sandduin. Van manjifieke sonsondergange en droë omarambas (rivierlope) wat paadjies deur grasvelde kerf.

Maar Boesmanland is siek. Hierdie stuk land sonder teerpaaie, grensdrade of telefoonpale wat vir soveel dekades deur ontdekkingsreisigers deurkruis en deur digters besing is, is besig om dood te bloei.

Een van die Afrika se grootste tragedies is besig om hom hier te ontvou.

Boesmanland is besig om die graf te word vir dié unieke en mees bedreigde ras op aarde.

In Boesmanland sê die toordokters lankal dat die son elke oggend sukkel om uit die ooste op te kom. Want hy's hartseer. Hy huil.

Hy huil oor die Boesman wat beneweld op die voorstoep van die drankwinkel op Tsumkwe lê en slaap.

Hy huil oor die mensies van gister wat die uitskot van vandag geword het.

Vir jare al is die dae toe die Boesman nog sy bestaan gemaak het deur veldkos te versamel en te jag, iets van die verlede.

Daarvoor het die weermag vyftien jaar gelede gesorg toe hy vir die Boesman 'n uniform aangetrek het, hom gekersten het en drank en tabak teen kosprys aan hom verkwansel het.

Maar nou is daar 'n nuwe gesig in Boesmanland: hongersnood.

Want die weermag het padgegee. Magnus Malan se vleispotte en bierbekers is weg.

Die weermag het pas gedemobiliseer in Boesmanland. Die basisse by Mangetti-duin, Lehubu en M'Kata is reeds ontruim. By Omega is die weermag ook besig om dié bekende basis te ontruim.

Die duisende Boesmans wat vir soveel jare afhanklik was van die weermag, is nou op hulle eie. Die skikplan vir die onafhanklikwording van Namibia verplig die weermag om sy basisse te ontruim.

Die weermag was sedert 1974 die grootste en byna enigste werkgewer in Boesmanland.

## Kunsmatig

Dié kinders van die veld moet nou kunsmatig aan die lewe gehou word, want hulle kan nie meer jag nie en kan nie meer op hul eie oorleef nie.

Vir jare al vertel weermaglede dat die enigste pyl en boë in Boesmanland teen hul sitkamermure hang.

In Windhoek is die Red-'n-Boesmanstigting pas gestig om die mense van Boesmanland aan die lewe te hou.

"Die Boesmans is ontredderd. Die weermag het 'n vakuum gelaat wat nie nou gevul kan word nie. Dis nou 'n geval van lewe en dood. Ons moet die mense aan die lewe hou," sê Francois Ströh van die Stigting. Hy is 'n man wat tussen die Boesmans grootgeword het en hul kliktaal vlot praat.

Hoofman Geelbooi Kashe sê sy mense se totale voortbestaan word bedreig. Hulle beskik oor geen noemenswaardige opleiding om selfvoorsienend te wees nie. In Boesmanland is geen infrastruktuur om die bevolking van werk te voorsien nie.

## Gewaarsku

Jare gelede al het Ströh die owerhede gewaarsku dat die Boesmans se voortbestaan bedreig word en dat die weermag nie die enigste instansie moet wees wat na sy welsyn omsien nie.

Hy sê die groot probleem is dat die weermag se dienste so omvattend was. Hulle het kos, klere en huise aan die soldate gegee, hul medies versorg en werk verskaf.

"In Windhoek is daar nou 'n hele paar mense wat met rooi gesigte rondloop," sê Ströh.

Die Boesman het nie net op kultuurvlak 'n bitter duur prys vir sy verwestering betaal nie. 'n Studie verlede jaar deur die mediese fakulteit van die Universiteit van Pretoria het getoon dat 'n beduidende persentasie van die inwoners van die Omegabasis aan hoë bloeddruk en vetsug ly.

Dranksug is al lankal 'n ernstige probleem onder die Boesmans. Selfs die weermag het al erken dat alkoholisme 'n ernstige probleem in sy basisse is.

Op die voorstoep van die drankwinkel op Tsumkwe lê dronk mense en slaap.

Hiervoor kry sy verwestering die skuld. Die mense is verveeld. Omdat hulle nie jag nie, is hulle verveeld. En omdat hulle verveeld is, drink hulle.


Kashe sê die dae is verby van die Boesmans wat van nêrens af êrens heen getrek het en onder die hemel geslaap het.


Vir so baie is son nie meer hul pa en die maan hul ma nie. Die wind is nie meer hul boodskapper nie, die laatreën nie meer hul broer nie en die vroeë reëns nie meer hul suster nie.

In ruil daarvoor het hy die Christen-godsdiens aangeneem en tradisionele gesinne is verskeur en eeue se gebruike en tradisies het verval.

Daar word verwag dat drankmisbruik nou nog verder gaan toeneem. Die Boesman-soldate het almal uitbetalings van die weermag ontvang. Hulle is nou werkloos en verveeld en gaan nog meer drink.

"Wat nou, waarheen en hoe met my 45 000 mense? Ek gaan my pad loop en dink soos 'n jagter om my mense en my land te red," sê Kashe.






## Boesmanland is besig om die graf te word vir dié unieke en mees bedreigde groep op aarde

Om alles te vererger, vrees die Boesmans die komende verkiesing. Die Boesmans was nog altyd ondersteuners van die DTA. Baie vrees 'n moontlike Swapo-oorwinning en weerwraak weens hul betrokkenheid by die weermag.

Vandag, meer nog as ooit tevore, kan mens die vraag vra oor hoekom dit vir die weermag nodig was om soldate van dié mense te maak. In die hele geskiedenis van die bosoorlog was daar net twee Swapo-insypelings in Boesmanland.

Tog hou die weermag vol: Die doel van die Boesmansoldaat was om 'n stabiele veiligheidsituasie te handhaaf sodat die politieke leiers hulle volle aandag kon wy aan die politieke, sosiale en kulturele ontwikkeling van die Boesman.

Hulle motiveer verder: "Hulle is so verwesters dat hulle nie eens meer tradisionele klere wil hê nie. Die jong seuns koop pyl en boë in die winkels en moet van die blankes leer om met stokkies vuur te maak."



Die laaste bevelvoerder van die Boesmanbataljon, kmdt Scholtz van Wyk, het by die demobilisasieparade gesê: "Die moontlikheid bestaan ongelukkig dat hul lewenstandaard sal daal wanneer die weermag onttrek. Hulle is baie skaam en vredeliewend.

"Dis juis dié eienskappe wat dikwels deur ander misbruik word om hulle uit te buit en hulle vatbaar te maak vir die aanleer van slegte gewoontes. Hulle wys nie graag en maklik hul gevoelens nie, maar hulle het laat blyk dat hulle bekommerd is," het Van Wyk gesê.

## Aanmoediging

Hy het afgesluit: "Ons bejammer hulle nie, want dan begin hulle hulself bejammer. Ons moedig hulle aan om hul tradisies te behou, selfs wanneer daar vreemde elemente in hul midde is."

Vir jare is die Omega-basis voorgehou as een van die modeleenhede van die weermag. Dis hier waar twee predikers "die eens dorre geestelike aarde omskep het in 'n vrugbare een wat hulle onverpoosd en toegewyd bearbei".

So byvoorbeeld skryf 'n bekende Afrikaanse joernalis oor die Boesman se verwestering: "Die Boesmangesinne is in netjiese houthuisies gevestig en ontvang alle benodigdhede gratis van die weermag.

"Ander artikels is teen kosprys in die winkel beskikbaar. Elke soldaat in die basis ry op sy eie dikwielfiets. Sonbrille, horlosies en radio's word hier tot statussimbool verhef.

"Kamp Omega is 'n ware lewende monument vir die SA Weermag wat hier gemoeid is met een van die uniekste projekte nog in die opheffing van die mens."

In die dieselfde artikel sê ene kmdt Hall: "Mens kry nie diefstal onder die Boesmans nie.

"Ek is seker die hele biervoorraad kan oopgelos word en niks sal wegraak nie."

## Joernalis

Dit is interessant dat 'n Russiese joernalis tydens 'n onlangse toer deur weermageenhede in die noorde van Nambia opgemerk het: "Wat ek die ontstellendste gevind het, was die gebruik van die Boesman in 'n gevegsrol.

"Hulle is 'n bedreigde ras. Hoewel die weermag baie gedoen het in terme van welsyn, mediese dienste en pogings om hul lewenstandaard te verbeter, is dit moreel onregverdigbaar om hulle uit te stuur om doodgemaak te word.

Kollega Anton Steenkamp skryf só oor sy besoek aan Omega as lid van 'n studentegroep van Maties: "Na die potjiekos kom die grootste deel van die basispersoneel in die kroeg bymekaar - drie Boesmans uit Angola, met identiese dasse en truie aan, inkluis.

"Ek dink terug aan die bevelvoerder, kmdt Pattison, se woorde vroeër die middag: `Hier leer ons die Boesmans drink...'

## Bewyse

"Daarvan het ons genoeg bewyse gesien by die basis. 'n Boesmanman in uniform het rondgestrompel en iets onhoorbaar aanhou skree, terwyl die vroue en kinders in die agtergrond uit hul krotte na hom loer."

Vir baie jare het die weermag trots vertel dat 'n Boesman die Honoris Crux-medalje vir dapperheid ontvang het.

Vandag is die drankwinkel op Tsumkwe 'n lewende monument.

# Profetes met 'n ketting hemel toe

**Mary Akatsa (onder) maak daarop aanspraak dat sy 'n visioen van Jesus gehad het én dat sy al in die hemel was. Volgens haar lyk dit baie soos hier op die aarde. 'n Joernalis van NEW AFRICAN doen verslag**



SENAIDA MARY AKATSA, die Keniaanse profetes en heler wat verlede jaar vir Jesus in die krotbuurte van Nairobi "gesien" het, beoefen steeds haar beroep. Duisende gelowiges vergader elke dag in die klein moslemdorpie Kawangware met die hoop dat hulle haar sal sien.

Somtyds is daar tot 5 000 mense by haar opelug-biddienste. Duisende vroue met kinders op hulle skote sit op die klipperige grond met die hoop dat hulle net 'n vlugtige blik van Mary Akatsa kan kry. Van hulle het al die vorige dag daar aangekom, maar sy het nie opgedaag nie. Hulle het net daar in die ysige koue geslaap met die hoop dat hulle die volgende dag gelukkiger sal wees.

In die voorplein van die kampong is al die beskikbare parkeerplekke reeds teen middagete geneem - weelderige en ou motors, donkiekarre en fietse. Die gelowiges is afkomstig uit alle klasse en inkomstegroepe.

## 'Wonderwerke'

Mary het Kawangware internasionaal bekend gemaak. Van haar volgelinge kom van so ver as Mwanza in Tanzanië en kamp dan daar vir 'n paar dae om haar preke en "wonderwerke" te sien. Daar is Arabiere, Asiërs en Europeërs, maar die meeste is vroue met kinders van Afrika.

In 'n klein tydelike kerkie - wat sy die Kerk van Bethlehem noem - lê daar hope krukke, stutte en rolstoele wat volgens haar eers aan gebreklike en siek mense behoort het. Sy sê dit is net die gevolg van die afgelope twee genesingsdienste.

Hoewel die Asiatiese gemeenskap dit nie openlik verkondig nie, is een van Mary se getrouste volgelinge Surgit Singh, 'n garage-eienaar, en sy vrou Yasmin.

Dié paartjie beweer dat Mary hulle sewejarige dogtertjie, Sunita, van 'n vreemde velsiekte, waarvoor hedendaagse medici geen genesing kon vind nie, gesond gemaak het. Besoeke aan dokters in Kenia, Indië en die VSA was vergeefs. "Maar Mary se gebede het klein Sunita gou genees," het Singh gesê.

Die "verskyning" van Jesus het slegs een keer in Junie verlede jaar gebeur en die gevestigde kerke bly maar stil daaroor. Maar Job Matungi, die besturende redakteur van die Swahili-koerant Kenya Leo, sê hy het dit ook gesien.

Hy is nou op toer in Denemarke waar hy sy storie aan die Dene verkondig.

Wie is Mary Akatsa? Sy is klein, broos, aantreklik en baie jonk, nie die afgeleefde heks wat baie wil glo nie. Sy is in Desember 1964 in die weste van Kenia in Ebisiralo, Kakamega gebore. Haar moeder, Veronica Akoya is dood met haar geboorte. Volgens Mary het die dokters gesê haar moeder was reeds dood toe hulle haar as sewe maande oue babatjie in die baarmoeder gevind het.

Sy het saam met haar pa, Stanley Jogoo, wat reeds 23 vroue en dosyne kinders gehad het, grootgeword. Hy was 'n polisieman.

Haar ouma, Lorna Sangoro, het haar opgepas tot sy vyf jaar oud was en daarna is na 'n kleuterskool gestuur.

"Sy het suikerriet verkoop en my kleuterskool toe gestuur met die min geld wat sy verdien het."

Sangoro het reeds 'n gevoel vir herlewingsgodsdiens gehad en het van kleins af gereeld dienste by die Isirongo-Pinkstergemeentes van God bygewoon.

Een aand het sy wakker geword en na buite gegaan waar sy 'n boot vol mense in wit klere, een met 'n Bybel in die hand, gesien het. Sangoro het al tevore dieselfde visioen gesien en daar is aan haar gesê dat sy nie moet vrees nie, haar kleindogter "is gekies om die Woord van God op aarde te verkondig".

Hoewel sy goed oor die weg gekom het met haar pa en haar ouma, het haar stiefma's haar gereeld geslaan en die lewe vir haar baie moeilik gemaak. Een aand is sy verskriklik geslaan en uit die huis gegooi. Sy wou haarself verdrink - maar skielik het sy haar ouma se stem gehoor wat gesê sy moet dit nie doen nie. Sy is terug huis toe. Haar pa het haar weer geslaan, maar sy het vir hom gesê sy vergewe hom want sy is besig met die werk van God.

Op 13-jarige ouderdom is sy getroud met Francis Akatsa. Hulle het tot verlede jaar saamgewoon toe die huwelik amptelik in die kerk bevestig is deur een van haar getroue volgelinge, Fred Omido, die minister van opvoeding.

Een dag het iemand haar probeer vergiftig deur gif in 'n glas lemoensap te gooi.

"Nadat ek dit gedrink het, het ek baie siek gevoel," sê sy. "Ek kon nie eet of drink nie en is na hospitale in Kakamega en Kisumu geneem, maar hulle kon nie uitvind wat my makeer nie en ek is terug huis toe gestuur om dood te gaan."

Sy sê sy hét gesterf in Maart 1983 en het reguit hemel toe gegaan. Volgens haar lyk dit baie soos die aarde, met pragtige stede, wolkekrabbers en gelukkige mense wat almal in wit geklee is. Sy was "dood" vir drie dae.

Sy sê sy kon hoor wat die mense wat haar wou begrawe gesê het, maar sy kon hulle nie antwoord nie. Sy sê sy het hemel toe gegaan aan 'n ketting wat iemand stadig opgetrek het.

## Verwyder

In die hemel was daar 'n lang tou mense wat gewag het om geweeg te word. "As die persoon die regte gewig was, het hy 'n wit kleed gekry, maar enigiemand wat nie genoeg geweeg het nie, is onmiddellik deur Satan verwyder. Daar was baie mense wat geskree het omdat hulle hel toe moes gaan."

Daar was 'n man wat sy as Jesus herken het, want sy het hom al voorheen gesien. Hy het vir haar gesê sy sal nie geweeg word nie omdat sy terug aarde toe gestuur sal word om haar sending te voltooi.

Mary sê sy het beswaar gemaak, maar die man in wit het net stil gebly. "Toe ek wakker word, het almal behalwe my man en my ouma so geskrik dat hulle op die vlug geslaan het."

Sy is na 'n hospitaal in Kisumu geneem waar sy 'n operasie moes ondergaan. Maar met haar terugkeer na haar tuisdorpie was sy so ongewild omdat sy die mense se sondes openbaar gemaak het, dat sy na Nairobi moes vlug.

Sy het haar in Kawangware gevestig om voort te gaan met haar wonderwerke.


**Idasa Konferensie**

**ALTERNATIEWE VIR DIE TOEKOMS**

Idasa het onlangs 'n reeks werkwinkels dwarsoor die land aangebied rondom die tema "Alternatiewe vir die Toekoms". Die reeks werkwinkels kulmineer nou in 'n eendaagse nasionale konferensie wat sal plaasvind in die **Hotel Braamfontein, Johannesburg, op Saterdag, 13 Mei (08h15 - 17h30).**

Die onlangse verslag van sowel die Regskommissie as die ANC se nuutuitgereikte Konstitusionele Riglyne, beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n wyer debat rondom moontlike alternatiewe vir die toekoms.

Die konferensie sal dus hierdie, sowel as ander riglyne vir die toekoms van nader beskou.

Hoofsprekers is onder meer dr Van Zyl Slabbert, prof Herman Giliomee, dr Alex Boraine en prof Sampie Terreblanche met respondente wat verskillende oortuigings verteenwoordig.

Indien u belang stel om die konferensie by te woon, pos die aansoekvorm aan **Idasa, Posbus 2300, Halfweghuis 1685.** Die toelatingsfooi beloop R25, maar beurse is beskikbaar indien nodig.

Naam: ..............................

Adres: ..............................

..............................

Tel: ..............................

**Ek wil graag die konferensie by woon en sluit 'n posorder/ tjek in vir R25/Ek verlang 'n beurs.**



**Vrye Weekblad**

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ..............................

Naam: ..............................

Adres: ..............................

..............................

..............................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**

# Rassisme: destruktiewe wortel van die kwaad

**By die Konferensie oor die Reg in 'n veranderende Suid-Afrika wat deur die Regshulpsentrum aangebied is, het prof Johann van der Westhuizen van die UP se regsfakulteit gepraat oor groepsregte, regstellingsaksie en algemene stemreg. ANTON STEENKAMP doen verslag**



RASSISME is, volgens Van der Westhuizen, nog steeds die besmetlikste en mees destruktiewe enkele invloed op ons regstelsel.

Soos Allan Boesak onlangs opgemerk het: "Natuurlik is daar ander dinge as apartheid in ons land - insluitend goeie dinge. Apartheid is nie alles nie. Maar apartheid vergiftig alles."

Vir die regering, byvoorbeeld, is rassisme duidelik nog belangriker as ander faktore soos ernstige ideologiese verskille.

Toe mense met bevrydingsbewegings in ballingskap begin praat het, was die histeriese teenstand daarteen onder meer gegrond daarop dat dié mense kommuniste en marionette van die Kremlin is.

Nou onderhandel die regering openlik met kommuniste terwyl geweld nog gepleeg word - en onderhoude met verteenwoordigers van die Kremlin verskyn selfs op TV.

Intussen is dit steeds verkeerd om met Suid-Afrikaners in ballingskap te praat.

Die gevolgtrekking is blykbaar dat dit so is, nie omdat hulle kommuniste is nie, maar omdat hulle swart is en swart politieke aspirasies en mag verteenwoordig.

Algemene stemreg en die verwydering van diskriminerende wette is nie die oplossing van al ons probleme nie, maar dis 'n noodsaaklike voorvereiste.

Die verwydering van apartheidswette sal nie die hele stelsel laat inmekaartuimel nie, maar ons moet nogtans dié onderbou verwyder om te verhoed dat die apartheidsgebou al hoër verrys, soos in Boksburg.

Regstellingsaksies en 'n herverdeling van rykdom sal noodwendig moet plaasvind.

Regstellingsaksies word nie net in die ANC se grondwetlike voorstelle genoem nie. Die Regskommissie het ook bevind dat 'n regstellingsklousule in 'n handves vir menseregte ingesluit kan word om die wetgewer toe te laat om wette te maak wat op 'n tydelike grondslag die posisie van geskiedkundig benadeelde persone en groepe sal verbeter.

Wat die herverdeling van rykdom betref, moet daar nie beloftes gemaak word wat nie nagekom kan word nie. 'n Geldige eis tot herverdeling moet ook nie ontaard in blote vyandigheid teenoor die sakesektor nie.

As groepsregte verwys na die grondwetlike beskerming van die politieke regte van minderheids-etniese of rassegroepe, moet dit verwerp word - dit sou apartheid in 'n ander gedaante wees.

As groepsregte egter verwys na kulturele regte, soos 'n eie taal of godsdiens, is daar niks verkeerd mee nie. Dis eintlik nie groepsregte nie, maar individuele regte wat in 'n handves vir menseregte beskerm kan word.


Ons moet dink aan die bou van een verenigde Suid-Afrikaanse nasie, in plaas van die beskerming van groepe. Kulturele verskille is belangrik en kan 'n aanwins wees, maar dit moet ondergeskik wees aan groter eenheid.

Ons het ook nie net 'n suiwer, regverdige regstelsel nodig nie, maar nuwe simbole van eenheid, vertroue, inspirasie en hoop - selfs nuwe mites.

Vrees lei tot 'n bekommernis oor groepsregte. Mense moet dus opgevoed word, deur aan hulle iets te gee om na uit te sien in die bouwerk aan 'n nuwe Suid-Afrika.

# Vakbond en bestuur vier saam fees!

**Arbeidsrubriek deur THEO HEFFER, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**



GELEENTHEDE waar verteenwoordigers en hul gades uit sowel die swart vakbonde as myn- en nywerheidsbestuurskringe saam feesvier is maar skaars in Suid-Afrika.

Dit is uitsonderlik genoeg as die twee groepe mekaar om die onderhandelingstafel aandurf, soos verlede jaar toe werkgewers en vakbonde die omstrede wysigings tot die Wet op Arbeidsverhoudinge bespreek het.

## Program

So 'n geleentheid het nietemin vroeër vandeesweek plaasgevind in die Linder-gehoorsaal, toe studente van die Wits-besigheidskool hul sertifikate ontvang het na voltooiing van die Sertifikaatprogram in Nywerheidsbetrekkinge. So wat 50 persone het die kursus suksesvol voltooi, waarvan twaalf vakbondamptenare of "shop stewards" was.

Die groep het ook mannekragspesialiste, lynbestuurders, 'n joernalis, prokureurs en 'n advokaat ingesluit. Hulle was die sewende groep wat dié eenjaarkursus op die universiteit se besigheidskool afgelê het. Drie en twintig vakbondleiers tesame met 42 bestuurders het reeds met die volgende jaarprogram begin.

Die kursus is eievaardig, veral op die besigheidskool van 'n universiteit, in die sin dat sowel vakbonde as werkgewers betrokke is by die beplanning en aanbieding daarvan, asook in die deelname.

## Wantroue

Dit is dikwels 'n gesukkel om die bydrae en deelname van albei partye te kry. Uit die staanspoor was daar min ondersteuning vir die idee van 'n gesamentlike program vir vakbondleiers en bestuurders. Wantroue is nog 'n kenmerk van verhoudinge tussen werkgewers en vakbonde in Suid-Afrika.

Die nuwe, onafhanklike vakbonde was veral sterk gekant teen die idee, en die redes hiervoor kan uitgesonder word.

Eerstens is daar die argument dat normale opvoedingsprogramme, ook en miskien veral in nywerheidsbetrekkinge, onmoontlik is in die abnormale samelewing waarin die partye hul bevind. 'n Gesamentlike program in arbeidsverhoudinge is slegs moontlik as die partye elk dieselfde regte, beskermings en voordele in die breë samelewing geniet. Dit is duidelik nie die geval in Suid-Afrika nie.

Tweedens bestaan die vrees dat bestuur, deurdat hy die sterker en meer bevoorregte party is, die vakbonddeelnemers kan koöpteer, en hul onafhanklikheid in die gevaar stel.

Arbeidsverhoudinge het te make met 'n voortdurende proses van beheer. Waar beheer in baie werkplekke nog eerder afgedwing as onderhandel word, is koöptering 'n werklike moontlikheid.

In die derde plek word daar geredeneer dat vakbondleiers beter geskool kan word in die moeilike werklikhede van die praktyk, as in die soms kunsmatige, ietwat ideale omgewing van 'n lesingsaal.

Die Sertifikaatprogram in Nywerheidsbetrekkinge op Wits-besigheidskool het die besware erken en aangepak. Geleidelik word die probleme oorkom en 'n deurbraak na suksesvolle bilaterale opleiding gemaak. Deur die konflikterende belange van bestuur en werkers te erken en te aanvaar, is die onafhanklikheid van die twee partye beklemtoon en gerespekteer.

## Leemtes

Die leemtes in die beskerming van basiese menseregte word erken, maar die program dui aan hoedat onderhandeling slegs kan bydrae tot die aanvaarding en onderskrywing van vrye, demokratiese beginsels.

'n Onderleggende grondslag van die program is 'n onomwonde onderskrywing van kollektiewe bedinging tussen werkgewers en onafhanklike vakbonde. Daar word aanvaar dat albei partye 'n bydrae het om te lewer tot opvoeding en opleiding in nywerheidsbetrekkinge.

Blykbaar is daar redelike sukses in hierdie strewes behaal. Op Maandagaand se geselligheid het 'n bestuurder aan my verduidelik hoeveel hy geleer het van die "shop steward" wat saam met hom in 'n sindikaatgroep op 'n projek gewerk het.

Etlike minute later het 'n amptenaar van die grootste vakbondfederasie in die land aan my verduidelik hoe "selfs die rightwing mynbestuurder" hom iets geleer het.

In 'n land waar geestelike en fisieke skeidings ons van mekaar af weghou, en die vrye verdeling van inligting verhinder word, is dit lewensbelangrik dat ons geleenthede van dié aard benut om mekaar beter te leer ken.

# Watter Volk, watter Vaderland?

## MAKLIKER GESÊ . . . Jacques Pauw

**Ons begin dié week met 'n nuwe geselsrubriek, Makliker gesê . . . Elke week sal 'n redaksielid of gasskrywer die rubriek behartig**

MY identiteitsdokument sê ek is "blank". Dit beteken my haarvorm is rond, my oogkleur blou, grys, groen of bruin, en my velkleur lig.

My ouers kon my grootmaak in 'n woonbuurt met golwende grasperke en hoë bome. Ek kon na 'n skool toe gaan waar handboeke verniet uitgedeel is, en ek is in my moedertaal onderrig.

In ons huis het 'n swartvrou gewerk wat agter my moes skoonmaak. Haar seun moes saam met my cowboys en crooks speel. As hy dit sou durf waag om my ook te skiet, het ek hom met geweld gedreig.

Kortweg, ek is een van die vyf miljoen bevoorregtes in die land. Die regering beskerm my wit vel deur die ander dertig miljoen met wette te onderdruk, toe te sluit en eenkant in lokasies te hou.

Maar dit beteken ook dat ek diensplig moet doen. Die staat sê daar is 'n totale aanslag en die Russe wil ons mooi land hê.

Om die magte van die antichris uit te hou, moet elke jong bevoorregte twee jaar "aanvanklike" diensplig verrig en daarná skuld hy nog 'n paar honderd dae in allerhande vreemde en onverstaanbare siklusse.

Dié dat die staat praat van 'n mens se "militêre loopbaan".

Kom jy in dié loopbaan van jou tot sterwe, sê hulle "dit was nie verniet nie" want sien, jy het jou bloed gestort vir Volk en Vaderland.

Maar nou is daar 'n probleem, want al meer jong manne wil weet: vir watter Volk en watter Vaderland?

Niemand glo meer die snert van 'n totale aanslag nie.

En waarom moes minstens 'n duisend jong Suid-Afrikaners die afgelope 25 jaar in die noorde van Namibia sterf?

Magnus Malan het vir jare gesê hy sal oor sy dooie liggaam die Rooi Vlag in Windhoek laat wapper.

Nou skielik aanvaar hy gelate dat Swapo heel moontlik die verkiesing kan wen.

Wat het verander, Malan?

Een ding het, en dit is dat al hoe meer jongmanne vrae begin vra oor hoekom hulle in die SA Weermag moet dien.

Ma's begin vrae vra oor wat hul seuns in die townships doen.

En die staat antwoord deur die seuns wat weier summier in die tronk te smyt. Tot ses jaar lank. Die vonnisse word letterlik met rekenaars uitgewerk.

Ek het self twee jaar in die weermag deurgeslyt.

Ek was gelukkig by 'n weermagtydskrif ingedeel en het nooit geveg of 'n geweer gedra nie.

Maar ek het ook, soos gewetensbeswaarde Saul Batzofin, gesien hoe Swapo-lyke van 'n trok afgelaai word en op 'n paradegrond uitgestal word om die jong dienspligtiges se bloedlus aan te wakker.

Ek vra ook dieselfde vraag as hy: is dit nog enigsins moreel regverdigbaar om verder in dié weermag te dien?

Batzofin het nee gesê en is verlede week agtien maande tronk toe.

Voor hom het David Bruce en Charles Bester nee gesê en is ses jaar tronk toe.

En na hulle gaan daar weer jongmanne nee sê en die staat gaan hulle weer opsluit.

Ek het die drie se hofsake bygewoon. Nie een van hulle is 'n krimineel nie. Hulle hoort nie een in die tronk nie.

Net soos die duisendes wat voor hulle opgesluit is omdat hulle geweier het om passe te dra, groepsgebiede onwettig binnegegaan het of iemand van 'n ander kleur liefgehad het.

Ek doen steeds kampe. Ek doen dit teen my sin.

Ek wil ook nie langer deel wees van die SAW nie.

Ek voel ek het waaragtig klaar my "deel" gedoen.

Ek voel skaam om aan my medelandgenote en vriende wat nie stemreg het nie, te erken dat ek nog diens in die weermag doen.

Ek dink nie dit is die moeite werd om tronk toe te gaan nie. Ek het al die binnekant van die Sentrale Gevangenis in Pretoria en Zonderwater by Cullinan gesien toe ek artikels vir 'n tydskrif gedoen het.

Dis 'n harde, ongenaakbare plek met wrede, vreemde mense.

Ek hoop Bester en Bruce kom na ses jaar heel anderkant uit.

Ek hoop nie die mense met hul geel blommetjies wat Nkosi Sikelel'i Afrika by hul verhore gesing het, vergeet hulle nie.

Ek weet ek sal nie.

Vrye Weekblad

## Mooi dink!

Die Demokratiese Party word oral baie geesdriftig verwelkom. Berigte van oral oor lui dat mense vanuit onverwagte oorde begin belang stel in die nuwe alternatief wat vir wit kiesers gebied word.

Die driemanskap aan die spits van die DP kwyt hulle ook sover goed van hul taak.

Maar daar is 'n versigtigheid om nie aanstoot te gee aan potensiële kiesers wat gevare kan inhou nie. Dit lyk asof elemente van die nuwe party dalk só behep is met vordering by die stembus dat hulle die party se groter perspektief - en uiteindelik sy grootste bestaansrede - uit die oog verloor: naamlik om die impasse in die Suid-Afrikaanse politiek te help breek en parlementêre en buite-parlementêre groepe byeen te bring sodat dat daar na 'n oop, nie-rassige demokrasie beweeg kan word.

Dis blykbaar dié versigtigheid wat gelei het tot die besluit om nie die onafhanklike LP vir Claremont, Jan van Eck, tot die party toe te laat nie.

Ons is baie jammer daaroor.

In 'n parlement wat grotendeels 'n praathuis geword het omdat die werklike besluite deur die Staatsveiligheidsraad en die kabinet geneem word, het Van Eck die rol van ware opposisie gespeel: oopgevlek, gekonfronteer, antwoorde geëis.

Daar is groot waardering vir Van Eck se werk onder die buite-parlementêre groepe. Ons hoop die DP gaan hom binnekort vra om by hulle aan te sluit. Dit sal die party se verlies wees as hulle dit nie doen nie.

## Nam?

Verskeie mense en instansies, insluitend Vrye Weekblad, het vroeg vandeesmaand al gewaarsku dat die Suid-Afrikaanse selfvoldaanheid met en oorreaksie op Swapo se verbreking van die bepalinge van die skikplan in Namibia gevaarlik is.

Vrye Weekblad is erg verkwalik omdat hy geskryf het oor die veiligheidsmagte se oorhaastige optrede in die noorde van die land.

Nou begin verhale van 'n wilde geskietery en 'n traagheid om gevangenes te neem na die buitewêreld deursypel, en Pik Botha en sy span is besig om al die geloofwaardigheid wat hulle deur hul korrekte optrede verwerf het, te verloor.

Die hartseerste deel van enige oorlog is die laaste mense wat sterf voor vrede gemaak word.

Dit is nou tyd vir menslike en gedissiplineerde optrede.

## Uitspraak kommerwekkend

DIE uitspraak van die Streekhof op Klerksdorp wat twee boere weens aanranding skuldig bevind en 'n boete van R1 200 elk opgelê het, nadat die aangerande persoon beswyk het, is kommerwekkend.

Dit is uitsprake soos dié wat ons regstelsel onder verdenking plaas.

Dit skep die indruk dat boere kan voortgaan om hul werkers te mishandel, gerus in die geloof dat hulle byna skotvry daarvan sal afkom.

As regters en landdroste die geloofwaardigheid van ons regstelsel wil herstel, moet regverdigheid geskied en die inwoners van die land moet dit kan sien.

Hopelik is uitsprake soos hierdie die uitsondering eerder as die reël. Maar die geloofwaardigheid van ons hele regstelsel word daardeur aangetas.

Die erfenis wat ons sal wil oordra na 'n toekomstige Suid-Afrika, sal eerder dié wees van 'n vreeslose regbank wat regverdigheid sonder vooroordeel nastreef.

## So sê hulle . . .


"Die Suid-Afrikaanse Polisie word as bewaarder van die vrede aanvaar deur die swart gemeenskap." - Leon Wessels, adjunk-minister van Wet en Orde.

"Dit is duidelik dat die SAP en ander veiligheidsmagte daarin geslaag het om die sogenaamde militêre aanslag van revolusionêre organisasies af te weer." - genl Hennie de Witt, kommissaris van die SAP.

"Op die oomblik is ons die goeie ouens; 'n lekker posisie om in te wees vir 'n slag." - genl Magnus Malan.

"Ek gaan my lewe nou aan natuurbewaring wy." - Paul Osborne, voormalige ingenieur, wat sestien dae in 'n hok in die Johannesburgse dieretuin deurgebring het om mense se aandag op omgewingsbewaring te vestig.

"Die Universiteit van Stellenbosch is die tuiste van die Afrikaner-liberalis." - Andrew Gerber, KP-LP vir Brits.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Trillende heldegedig vir Groot Karwats

**Johan Strydom van Pretoria skryf:**
As vurige leser van u blad (maar nog nie 'n intekenaar nie), vergun my die volgende "opgradering" van Annetjie van Rensburg se sensitiewe, trillende stukkie rymelary, opgedra aan haar groteske leier, Eugene Terre'Blance:

Was ooit al 'n groter leier gewees
as jy boerseun van Wes-Transvaal
man gekerf uit graniet en staal
wys aan PW/FW (en Jani?) jou perk
en jou paal.
Met jou BMW, uit eie fonds betaal
jaag jy deur die ou republieke
van Vrystáát, Stellaland, Noord-Natal en Transvaal.
Jy stuit voor geen hek nie: dis 'n woer en 'n warts
en jy's binne, my held, my groot karwats
met 'n wuif van jou hand vir 'n slot en gesag -
niks stuit my held by die skoner geslag.
Dit grief jou te sien jou land word gesteel
en aan die koelies en hotnots totaal uitgedeel.
Maar jy, man van stank vir dank
praat dat die spoeg spat vir suiwer blank.
Voor die magtige skaar op Donkerhoekie,
ge-rapport en gekiek deur 'n Ingelse koekie,
beweeg jy jou nasie tot massahisterie
- hoe vaal klink hierna ou Dries se misère.
Eenvoudig is jy (net figuurlik gesproke) soos
die veld en die bos
in kakie en koedoestewels gedos
en 'n drie-hake-kruis op jou arm geklamp.
Ons wag nou net op jou boekie: My Kamp.
(Ek sien bogemelde Ingelse koekie,
dra, net soos jy, 'n kakiekleur broekie.)
Begelei word jy immer deur Aquilla se vente
behalwe nou snags na ou monumente
('n Man is geregtig op 'n bietjie privaatheid maar hou soms nie rekening met polisie-paraatheid!)
Gaan steeds so voort, my held wonderbaar
en ons sluk nog die KP met huidjie en haar.
Ons verdra mos geen teenstem en sal
hulle uitskop, al is dit met rolstoel en al!

### N4 doeltreffend maar 'n tolplaza?

**A Keyser, President: Kamer van Koophandel en Nywerheid van Nelspruit, in 'n ope brief aan die LP vir Nelspruit, skryf:**
Die Kamer van Koophandel en Nywerheid praat seker namens almal wat in die Laeveld woon of wat hierheen reis, wanneer daar tevredenheid uitgespreek word met die doeltreffende N4-pad wat nou so 'n gevorderde stadium bereik het.

Onlangs is daar deur die sakegemeenskap met kommer gelet hoe tolplazas ooral in die land verrys.

Enige verhoging in vervoertariewe sal 'n uiters negatiewe effek op die ekonomie van die Laeveld hê. Dit sal veroorsaak word deur die verhoging in die prys van verbruikersgoedere in die Laeveld, en ook die effek hê dat goedere wat hier geproduseer word minder prysmededingend elders in die land en in die buiteland sal wees, omdat dit vanselfsprekend duurder sal wees by die mark te kry.

Die Laeveld word ook toenemend afhanklik van die toerismebedryf en om toeriste te beswaar met enige tolgelde, moet noodwendig die gevolg hê dat hulle voorkeur sal gee aan ander bestemmings.

Daar word gevoel dat die persentasie van toelaag wat by die petrolprys ingebou is om voorsiening te maak vir die konstruksie en instandhouding van paaie, die aanlê van enige tolhekke behoort uit te skakel.

Die Kamer van Koophandel en Nywerheid van Nelspruit versoek u dus dringend om namens die Laeveldse gemeenskap ondersoek in te stel en te rapporteer of enige tolhekke vir die N4 beplan word, 'n versekering te verkry dat die las van tolhekke nie ook op ons gelê gaan word nie, en om ons te verseker dat ons op u kan staatmaak om die konstruksie van enige tolhekke op die N4 teen te staan.

### Ek weet nie so mooi nie

**W Martin van Heidelberg skryf:**
"I abhor apartheid, but...", het hulle die afgelope drie dekades in toesprake gesê. Ek is nie 'n aanhanger van Bles Bridges nie, maar die siekheid van Chris du Plessis het my opgeval.

Dis net nie goeie joernalistiek om 'n onderhoud met skadelose (óf 'n skadelike) persoonlikheid te voer en te sê jy haat die persoon nie.

("Besef hy dit is juis die positiwiteit wat maak dat mense hom soveel haat"). As Du Plessis bedoel het om Bles se sang te kritiseer, wat het sy kleredrag en voorkoms met die prys van eiers te doen?

Die snedige trant van die stuk en die "Chris du Plessis-eie ek" wat uit elke sinsnede straal, laat my sy integriteit as joernalis sterk in twyfel trek. Jou eie voor- en afkeure behoort nie so sterk deur te skemer nie. Ek is as joernalis opgelei, dus weet ek wat die reëls is.

As Vrye Weekblad bedoel om vreesloos ALLE reëls van die joernalistiek op dié afstootlike wyse te verbreek, weet ek nie so mooi nie. Om met mense (of dit nou Bles of PW of FW is) op so 'n kinderagtige en ergpersoonlike manier te spot, is anders as om satiries die draak te steek. Knap 'n bietjie die styl op, toe, manne! Anders gaan net julle (nie Bles & PW & FW nie) aan die einde van die dag die verloorder wees.

*(Daar is 'n tyd vir satire en 'n tyd vir... Chris du Plessis)*

### Sterkte Saul!

**Wilhelm Liebenberg van Yeoville skryf:**
Namens lede van die 143 diensplgweieraars wil ek graag Saul Batzofin sterkte toewens vir die 18 maande tronkstraf waartoe hy gevonnis is.

Saul was een van die 143 wat verlede jaar 'n standpunt ingeneem het van weiering om militêre diensplig in die Suid-Afrikaanse Weermag te doen. Nadat hy verseg het om vanjaar 'n kamp by te woon, het die hof besluit dat die wet nie voorsiening maak vir alternatiewe diensplig vir iemand soos Saul nie, en hom tronk toe gestuur.

Dit is 'n jammerlike toestand as iemand, wat wil help bou aan 'n demokratiese, nierassige Suid-Afrika, soos 'n krimineel behandel word. Wat Saul gedoen het, was om te staan by sy oortuigings en te toon dat dit sy ems is om nie deel te hê aan die apartheidsbestel en gewelddadige onderdrukking van ons mede-landsburgers nie.

Daarin verteenwoordig Saul die sentimente van 'n menigte dienspligtiges. Sy dapperheid sal ver en wyd bewonder word. Ons is met hom in die moeilike tye wat vir hom voorlê.

# En wat het van die blerrie kommuniste geword?




TOG te wonderlik hoe die Rooi Beer so skielik kosjer geword het onder die Boere.

Arme Brolloks kan kwalik byhou: hy dag nog dís die Satang agter die Totale Aanslag, toe is Russiese joernaliste (is hulle dan nie almal KGB nie?) die eregaste van onse weermag en besoek hulle ons militêre kampe; ons volksleiers práát met hulle (oor die afsweer van geweld?); ons vlieg van hulle ministers met helikopters oor die Rand rond; Pik en Magnus en die boys hou gróót paartie met hulle by Berg Etjo.

Nee, maar dis reg. Die Boere en die Bolsjewiste het nog altyd baie gemeen gehad.

Maar dit laat Brolloks dink aan die storie van Koos wat 'n besoekende Rus in sy fabriek rondgewys het. "Lyk wonderlik," sê die Rus, "maar hoe is dit dat jou produktiwiteit so gedaal het die laaste jaar?"

"Die blerrie stakings, man, ons het vyf daarvan gehad die laaste jaar," sê Koos.

"Ons het nie stakings nie," sê die Rus ewe trots. "Ons werkers is goed gedissiplineerd."

"Ja," sê Koos, "maar julle het nie te doen met al hierdie blerrie kommuniste nie."

## Boere-perestroika

Is dit nou nie 'n wonderlike woord vir dit wat so nodig is in Suid-Afrika nie - Pretoriastroika?

* En al wat FW nodig het om boonop nog soos Gorbatsjof te lyk, is 'n tattoo op sy bles. (Solank dit net nie 'n kruithoring is nie.)

## Toekennings

Tyd vir TV-toekenings. 'n Roos vir Betsi Grabe vir haar Netwerkprogram oor Afrikaanse musiek. Ons het meer sulke TV nodig: intelligent (behalwe vir B les wat op sy naam bly sit het) en gebalanseerd.

'n Kakiebos vir die "opname" onder die bevolking van Ovambo oor hul houding jeens die oorlog, ook op Netwerk. Ons het haar met omtrent drie mense sien praat, en nie een van hulle se stemme gehoor nie.

* Sulke TV wil ons saam met Johannes Kerkorrel laat sing: Sit dit af! Sit dit af!

## Hartseer, hartseer

Hartseer storie van die Angolese soldate van 32 Bataljon, meestal oud-FNLA-vegters, wat jare lank die kastaiings vir Suid-Afrika in Angola uit die vuur moes krap en nou nóg verder van hul vaderland na noord-Kaapland verskuif word.

Ewe hartseer van die Boesmans wat deur die Weermag uit hul wêreld geruk is, gemilitariseer is met gesinne en al, en nou soos warm patats gelos word om te sien en kom klaar.

En van die swart staandemaglede van Namibia wat nou ook na Pretoria immigeer.

* Dit was voorwaar nie 'n oorlog waarop Suid-Afrika trots kan wees nie.

## Onsmaaklikheid

Die onsmaaklikheid van die week kom uit die Spieël van Verligtheid, Beeld. Sy militêre verslaggewer skryf oor die manne van 32 Bataljon: "Destyds was dié soldate hoofsaaklik Portugeessprekende swartmense, maar hulle is gou tot 'n gedugte vegeenheid gesmee onder bekwame leiers soos kmdt Jan Hougaard..."

* Selfs in dié heldeverering lê die rassisme maar vlak.

## Hou vir Robin dop!

Robin Renwick, Haar Majesteit se ambassadeur in Suid-Afrika en die man vir wie Nelson Mandela briefies skryf, is nie verniet vlot in Afrikaans nie. Lyk vir Bittergal hy verstaan nogal wat hier te lande aan die gang is. En dit lyk al meer of hy toenemend 'n belangrike rol hier kan speel.

Hoor hoe hard en duidelik praat hy nou die dag op Grahamstad oor die oorblywende pilare van apartheid, die Groepsgebiedewet, die Bevolkingsregistrasiewet en die wette op grondbesit: "Does anyone seriously believe that they can be maintained? It is simply not going to be possible to deal with the problems of urbanisation on this scale on the basis of the old divisions and restrictions; or to educate the mass of people on the basis of segregated school systems. If land is not made available, it will simply be occupied, as we have seen already.

In cold economic terms, the maintenance of apartheid will be simply unaffordable and South Africa is indeed going to have to adapt or die."

* Maar dit lyk tog asof Robin vir Maggie 'n ding of wat moet vertel. Sy hou vol die ANC moet eers geweld afsweer voor sy met hulle praat, maar hoor wat sê Robin: "The alternative to violence is negotiation and that alternative never is more needed than when violence is increasing or taking place." Inderdaad.

## Skermutselings

"Former PFP members of DP close to revolt," sê Business Day se opskrif dié week.

(As hulle minder ruimte gehad het, sou hulle dalk geskryf het "Former PFP members revolting"?)

Ja, smaak Brolloks dis nog maar 'n bra onrustige vrede onder die Demokrate.

Maar protesteer Business Day nie 'n bietjie te veel nie? Hoe is dit dat dié mondstuk van die liberals dan nie opgewonde kan raak oor die DP se verklaarde voornemens om brûe na die buite-parlementêre groepe te bou nie?

Die koerant skryf dat die PFP-lede glo "the DP had been hijacked by the former NDM and that Lusaka was dictating the terms."

Die kompromis om die aansoeke om lidmaatskap van vier LP's te weier, "meant that the PFP, which contributed the wealth, MPs and the organisation to the union, was solidly snubbed."

* Sort dit uit, kêrels. Brolloks hoor juis gister sy kollega se ouma, 'n Boeretannie van 82, het ná dekades haar NP-lidmaatskap opgesê om by die DP aan te sluit.

Lyk asof die geesdrif vir die nuwe party veel groter buite die Parlement as binne is.

## Viva Marx!

'n Simptoom van die afgeleefdheid van die Nasionale Party is dat hulle 'n vaal, verkrampte 67-jarige Jan Burger bo 'n 36-jarige, lewenslustige Marietta Marx verkies as baas van Johannesburgse stadsraad.

Die LP vir Turffontein, André Fourie, het glo vir die raadslede gesê Pik Botha verkies oom Jan. En Bittergal het dan gehoor Pik het so 'n goeie oog vir 'n mooi vrou!

Rosettenville se LP, Sheila Camerer, het glo ook agter oom Jan gaan staan. Is jy bang jy word upstage as die NP se glamour girl, Sheila?

* Soos die Yeoville-graffiti sê: Voorwaarts Marx!



## Maggie, Mikhail en PW

Op die trant van die Boer, Skot en Engelsman die volgende verhaaltjie: Maggie, Mikhail en PW sit en praat. Maggie sê sy weet sy het 'n homoseksueel in haar kabinet, sy weet net nie wie nie.

Mikhail sê hy weet hy het 'n kapitalis in sy leierskap, hy weet net nie wie nie.

* Toe sê PW hy weet hy het 'n slim man in sy kabinet, hy weet net nie wie nie.

## Uitgevang!

Brolloks se broer se vrou se oom (hierdie soort stories begin gewoonlik so, maar hierdie een is wáár) se dogter het nou die dag getrou. Die bruid se pa het vir die kroegman gesê hy moet die kroeg oophou tot R2 000 se drank opgedrink is, dan moet hy toemaak en die kontant gaan haal.

Die kroegman maak toe so, maar toe die bruid se pa sy hand in sy baadjiesak steek om die kontant uit te haal, toe's daar niks. Konsternasie, en die pa moet toe hier en daar geld en tjeks leen.

'n Paar weke later kom die ouers van die bruid en die ouers van die bruidegom weer bymekaar om na 'n video-opname te kyk wat 'n vriend van die familie gemaak het.

En wat sou hulle sien? Die videokamera swaai stadig oor al die gaste en siedaar! Dit wys die bruidegom se pa wat links en regs kyk en dan sy hand in sy swaer se sak steek en suutjies die R2 000 uithaal...

* Met moderne tegnologie kan 'n man ook nie eens meer waag om 'n lening by die skoonfamilie te maak nie.


# Geloofwaardigheid: 'n moeë ou simboliese os

VANDAG, vrinde, het die goeie Klaagvoort dit oor geloofwaardigheid.

Kyk, as daar 'n woord is wat kan meeding met legitimiteit, persepsie en gesprekvoering (die Broeder Heyns-trilogie), dan is dit geloofwaardigheid. Holrug gery en afgerem, soos 'n moeë ou simboliese os.

Ewenwel, julle moet nou 'n speletjie speel: van wie sal julle eerder 'n tweedehandse Casspir koop, Pik of Sam? Pasop vir 'n kat in die sak.

En van wie koop 'n mens 'n tweedehandese setel, Harry-you-know-who, bekende voormalige Sap, Reformis, PRP en PFP, nou heimelik hunkerend na 'n kabinetspos, verkieslik oorlogvoering - of Jan van Eck? Kolonel Schwartz maak die regte knorgeluide oor veiligheid, 'n kragdadigheid wat suur afgaan by buite-parlementariërs.




Egbertus Klaagvoort

Egbertus meen Van Eck se geloofwaardigheid loop punte hoër as dié van kolonel. Die blote feit dat die ou spul in die Huis so te kere gaan wanneer hy 'n onthulling maak, is genoeg bewys daarvan. Deur Van Eck uit te sluit, is die DP armer aan geloofwaardigheid. Hoe rym dit dan?

Dis toe vir Harry
wat die DP marry
en vir Van Eck
wat hy rejeck
Sit Dr Wobble
agter die trobble?

## Koos se oskop

Geloofwaardigste vent van die week is Voëlvrye Weekblad se chef, Koos Coetzee. Sy resep vir gebakte oskop is 'n gruweldaad. En die waarskuwing dat die aangesig van dié skrikwekkende dis mens kan flou laat, is raak.

Miesies Klaagvoort berei toe die afgryslikheid voor, terwyl sy satanies neurie uit Psalm 75: "Wees niet boos, dat gij hoornen, sterk van kracht, woedende naar boven steekt,/en met stijven halze spreekt!"

En toe stort die ou siel neer. Eers dag ons dis die yuppie-griep, maar nee, die stomme Miesies K is flou. En sy bly flou, amper so lank as wat Sy Edele A Ragsbansjo geneem het om al sy wandade in die getuiebank op te noem.

Straks kry hulle so saam-saam 'n plekkie in die Book of Records.

## SAUK se orakels

Brand Fourie, verbeeldingryke meester van die dubbelsinnige woord en sometime hoofleier van onse SAUK, dreig dat die regering se mees getroue spreekbuis naas Die Burger "sal voortgaan om die hoë peil van geloofwaardigheid te handhaaf". Maar so moet 'n bek praat!

Ons kan mos nie genoeg kry van die onbesproke objektiwiteit van Cliff Saunders, Chris Olckers, A l J Venter en dié klas orakels nie. Selfs Bishop se bisarre beledigingsveldtog teen Dr Wobble lyk skoon onpartydig teen die skeppings van dié siele.

## Credibility crisis

Nog 'n ou groepie met 'n credibility crisis is ons o so verligte sakelui. Dit gons en dit klop die eie bors dat dit sommer tot in Tuynhuys weergalm oor die eie liberale denke.

Maar waar is die ondersteuning vir die vêrsiende koerante? Soos 'n wyse ou Kommunis dit eendag gestel het: hulle hou nie werklik van die insigte wat die anti-apartheidspers verkonding nie - the truth is bad for business.

Niemand kan sê dat onse parlement nie vermaaklik is nie. En dit is nie minagting van die parlement nie, want jy kan tog seker skaars iets mooiers daarvan sê as dat dit die onderdane vermaak?

Nou is daar ewe skielik 'n hele falanks van agbare lede wat aan hul eie partytjies vaskleef, al het die partye self verdwyn. Die lid vir Mooirivier is nie meer alleen is sy eksentrieke lidmaatskap van die niebestaande nie. Hy is nou in die geselskap van die lid vir Parktown, wat sweer hy is 'n lid van die PFP. Kom nuus dan so stadig by Parktown uit?

## Só werk demokrasie

Nou is daar, noodgedwonge, ook Jan van Eck. Dié agbare lid kan nie die DP haal nie; daarvoor is hy te links, (dis tog beter as slinks?), en is hy te rof met Sy Hoogdrawenheid Veldmaarskalk Buthelezi. Nou dat hy 'n beslissing maak, sal hy homself dus eers raadpleeg. Dis hoe ware demokrasie werk.

# Verdraaide kerngegewe

**Pieter Conradie van Rondebosch skryf**

Gerrit Olivier se aanmerkings oor sekere begrippe in die inleiding tot SA in Poësie/ SA in Poetry is raaiselagtig. Hy bepleit enkele kwalifikasies en in die proses van korrigering ontken hy heelwat en verdraai kerngegewe.

Hy kasty ons vir 'n omskrywing soos "menslike aandeel" en vra of die geskiedenis ooit daarsonder moontlik is.

Punt is ons ontken dit nie en haal selfs vir Marx breedvoerig daar aan. Dit volg onmiddellik op ons stelling dat poësie ideologies van aard is. Olivier moet asseblief kennis neem dat menslike aandeel veel ingewikkelder is as sy veronderstelling.

Die idees van menswees word sosiaal bepaal en kan 'n reële of illusionêre uitdrukking van die praktyk wees. Maw jy mag 'n aandeel hê, maar geensins in beheer van jou wêreld wees nie. Hiervolgens is ideologie 'n resolusie in die denke van teenstellings wat nie in die praktyk opgelos word nie.

Olivier gee voorts 'n groteske verdraaiing van poësie as sou dit die werklikheid daar buite verdraai. Dit staan eenvoudig nie in ons inleiding nie. Soos alle redelike akademici onderlê in die begrippemateriaal van ideologie, is dit pure onsin om poësie en werklikheid tot absolutes te verklaar en des te meer teenoor mekaar te stel. Ons sê nie poësie verdraai eiehandig die werklikheid nie.

Hier verwring Olivier homself en raak sy apologie vir ideologie 'n ontmaskering daarvan. Hy vermoed nou sekere grade van ideologie vir afsonderlike gedigte. Dat verwringing en valsheid verskillende momente verteenwoordig in die proses van 'n geïnventeerde realiteit gaan Olivier verby.

Dat die inversie van sosiale praktyke op verwringing neerkom wat lei tot aliënasie en dat ideologie hierdie aliënasie valslik inverteer tot werklikheid en "normaliteit", word deur Olivier verswyg.

Kortom: ideologie se grondslag is die realiteit.

Of alle poësie ideologie is? Ja, die outonome vertoon van poësie is slegs skyn. Poësie is in sy representasievorme ideologies. En die materiële bestaan van poësie word in die groter diskoers van die sosiale formasie histories gedefinieer. Die distorsie in die sosiale praktyke word in die ideologiese vorme soos poësie voortdurend gereproduseer.

Die doel met SA in Poësie/ SA in Poetry is om poësie se ideologiese apatie te ontmasker. Let wel Olivier, poësie skep nie ideologie nie; dit is 'n effek en nie 'n punt van oorsprong nie. Ons poog om die sosiale en politieke realiteit te agterhaal aan die hand van tekste wat die illusie van bewussyn voorhou.

Dit sou juis laasgenoemde wees wat 'n werklikheid veronderstel waaraan poësie beslag moet gee. Daardie valsheid geskoei op die verwringing van materiële toestande is ons terrein van ondersoek.

Olivier se dilemma is syne, nie myne nie. Sy opponering van poësie en werklikheid is nie ons s'n nie. Sy poging tot fyner nuansering van die begrip ideologie verlei hom. Vandaar sy drogbeelde soos "...nie alle gedigte is in dieselfde mate dus 'ideologies' nie".

En helaas die verwysing dat ons versamelbundel nie juis beter materiaal as Groot Verseboek behoort te wees nie word deur ons geloënstraf as ons Opperman se modernisering van "De Lady Roberts" van Reitz vervang met die oorspronklike Reitz-teks.

Ek bly ten slotte daarvan oortuig dat 'n glossarium by Olivier se aanmerkings hoort en nie by ons inleiding nie.

## Adam sonder Eden

**Lisle Estment writes from Germiston and André Mouton and André Bester write from Westdene:**

ADAM BUT NO EDEN.

What a disappointment! Vrye Weekblad (23 March 1989) and Harridans. The former dishes up secondhand untruths and the latter secondrate lamb.

On Saturday, 18 February, the three of us were invited by Mr le Roux, in his private capacity, as his guests at Harridans. A restaurant which had been highly recommended to him.

What a let-down it proved to be. The starters, chosen from an inadequate menu, were mediocre. Two of us ordered lamb as our main course. We were amazed to find it both tasteless and tough. Perhaps as one of our company remarked, "Being Capetonians we are a little spoilt when it comes to decent restaurants."

What we find perturbing is the accusation that either Mr le Roux or one of us claimed to be the food critic from the Vrye Weekblad. Not exactly the glamour position of the year, particularly as he can't tell a good restaurant from a bad and uses questionable journalistic techniques. As for his style using the word "paar" twice in one sentence, putting parenthisis (sic) in the wrong place???

Equally disturbing is the fact that not only does Harridans serve unsatisfactory food (their puddings excluded), but have waiters who repeat the conversations of their patrons to the press, unethical to say the least.

Our final question is, what on earth does all this have to do with the ATKV? Except for Adam, the waiter who should consider seeking their assistance, for by his own admission, "Ek praat nie baie goed Afrikaans."

With their help he may be able to make more sense of his eaves-droppings.

*(Ek en die Diners Club van Suid-Afrika sal ons sieninge oor Harridans moet heroorweeg in die lig van die drie briefskrywers se superieure smaak.*

*En aangesien hulle my aanvat oor my skryfstyl, kan hulle gerus "parenthisis" reg spel. Hulle Kaapse snobisme beïndruk my ook nie - kosredakteur)*

## Onregverdige regsreëls betreur

**Die Burgerregtevereniging skryf uit Claremont:**

Ons protesteer ten sterkste teen die onregverdige regsreëls wat toelaat dat iemand aangehou kan word (terwyl daar moontlike vergissing oor sy of haar identiteit kan wees), sonder die reg op toegang tot 'n regsverteenwoordiger, priester, dokter of familie, en sonder enige reg om in die hof te verskyn om op 'n duidelike aanklag te antwoord.

Voorts betreur ons die feit dat die besluit of so 'n aangehoudene vrygelaat moet word of nie, nie by die hof nie, maar by 'n minister berus.

Ons is verontwaardig oor die wyse waarop die Appèlhof en Oud-Hoofregter Rabie ons regstelsel skade berokken het deur te swig voor die Uitvoerende gesag en nie sy mag maksimaal benut het om die laaste oorblyfsels van die aangehoudene se regte te beskerm nie (die Omar- en ander soortgelyke beslissings).

Geen regsgeleerde wat opgelei is in die tradisies van die Britse en Romeins-Hollandse regstelsel kan aanvaar dat dié tradisies so vernietig word nie, veral wanneer dit gedoen word kragtens 'n noodtoestand, waarvan die noodsaaklikheid en duur alleen deur politici bepaal word.

Ons doen 'n beroep op alle regslui om in die openbaar beswaar te maak teen die onreg van eindelose en willekeurige aanhouding sonder verhoor.

Sonder sulke protes word die toekoms van enige regstelsel in die land ernstig in gevaar gestel.


# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-7236, fax (011) 836-7230, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

## Persoonlik

Jong progressiewe Afrikaner van 27 wil kennis maak met jong AFRIKAANSE meisie wat ware liefde kan waardeer. Hy is gatvol vir Engelse meisies. Bel Johan tel 726 2353.

Takhare vir vrede verwelkom die nuwe Suidwes-tak.

Super M - Daar was toe net soveel wit as rooi motors - Super C.

## Woonplek

Hillbrow: Luukse-woonstel met een en 'n half slaapkamers en een en 'n half badkamers. Noordaansig, sekuriteit en parkering. R45 000. Skakel Janet by (011) 648 6778 of 880 5707

Eva soek 'n woonstel in Johannesburg, verkieslik noordwestelike voorstede. Skakel (012) 432586 of (011) 725 2544 x 1707

Huis te huur gesoek in Melville, Westdene, Brixton-area vir 2 mense vanaf 1 Julie. Bel Karien by tel (011) 836 7236 (w)

Kamer te huur gesoek in Melville, Westdene, Brixton-area. Bel Karien by tel (011) 836 7236 (w)

Ons soek 'n huis vir twee of drie mense in Melville, Westdene of Brixton so gou moontlik. Bel Toni by tel (011) 834 2178.

## Dienste

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

Jacob Regop-kapsules: Help om verlore energie terug te plaas deur die voedingsvitamines wat vir normale liggaamlike funksies vereis word, te verskaf. Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 'n maand se voorraad aan: Emcor, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel: (021) 551 4360. Ook verkrygbaar by jou naaste apteek

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige diensplig navrae. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 322 7670 Jackie (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 7236

Bondbuster. Is jou verband besig om jou dood te maak? Betaal jou grootste skuld af in die helfte van die tyd. Jou verband kán afbetaal word - gouer as wat jy dink. Vir verdere inligting bel Rhys Bridger by tel (011) 792 2693 (w) of (011) 792 2136 (h).

Vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 7236 (w) of 726 2285 (h).

## Gebeure

Op die 28e April beplan Vrye Weekblad 'n spesiale Werkersdaguitgawe. Ondersteun ons en adverteer. Bel Gwynne of Karien (011) 836 7236

Die Totius-klub vergader elke Dinsdagaand by die Joodse Sinagoge in Houghton. Hierdie week word die simboliek van die moeë os bespreek.

Suksesvolle loodsing van die Demokratiese Party in Nelspruit. Komitee: Kol Floris van Zijl, Bob Snaddon, Julius Bramley, Mac Pott. Sekretaresse: Mary-Ann Taylor. Tel (01311) 26677.

Die Leonard Rayne-laataandvertoonkas: eerste vertoning "Jo'burg Follies" vanaf 5 - 28 April op Woensdae; Donderdae en Vrydae om 10.45 nm. Toegang: R10. Skakel (011) 805 2805/6

Die Voëlvry-konsert is Vrydagaand by die Maluti Lodge naby Clarence en Saterdagaand by die Heavenly Bodies-gym op Welkom.

Die Vrye Weekblad se telefoonnommer gaan binne die volgende twee weke verander. Die nuwe nommer is 836 2151.

## Mark

Irma soek 'n kap vir 'n 85/ 86 VW bakkie. Skakel (0171) 27241 bedags of (0171) 71713 saans

Motorfiets gesoek, verkieslik 200 - 500cc pad/ veldfiets - onder R2 000. Bel Anton tel (011) 836 7236

ZONA in Norwood verkoop eksklusiewe inheemse handwerk en kuns

Kashgar

KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

Yeoville Book Stall, Cavendishstraat 36, Bellevue. Tel: 648 2002. Geskiedenisboeke nou in voorraad, ook boeke oor joernalistiek, biografieë van politici en die Suez-kanaal. Redelike pryse.

Te koop: Opreggeteelde Duitse herdershondjies (ongeregistreer), ingeënt en ontwurm. Afstammelinge van nie-rokende, progressiewe reun en teef met uitstekende temperamente. R225. Skakel (011) 403 3600 x 246 (w) of 726 3797 (h)

Victor soek (steeds) 'n betroubare tweedehandse wasmasjien. Skakel (011) 487 1433

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

## Werk

Die Leonard Rayne-Laataandvertoonkas se mikpunt is om aan jong kunstenaars en skrywers die geleentheid te gee om hul talente ten toon te stel. Enige aspirant-kunstenaars, skrywers en musikante wat van die geleentheid wil gebruik maak, moet Debbie Batzofin skakel by (011) 805 2805/6

Sheila by The Set-haarkappesalon by die Markteater soek 'n moderne haarkapper met 'n "following" vir heeltydse werk. Skakel (011) 838 1447. Dinsdae tot Saterdae.

Doen reklamewerk in u vrye tyd vir 'n besigheidsontwikkelingskorporasie. Verdien 'n ruime ekstra inkomste. (U doen geen verkope nie!) Skakel (021) 341 0815/ 0820 of (021) 930 1958.

Vrye Weekblad soek mense wat ons saak goed gesind is om ons te help met administratiewe en promosiewerk vir 'n paar uur per week. Skakel Jan van den Bos by tel 836 7236.

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel Gwynne of Karien (011) 836-7236, fax (011) 836-7230. Spertyd is 5 nm die Dinsdag voor publikasie.**

JACOB RegoP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGSVITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ........................................

Adres: ........................................

........................................

........................................ Poskode: ..................

Telefoon: ........................................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**

Dié laaste pylvlak voor die Comrades — 15

Vrye Weekblad SPORT

TENNIS:

# Tennisfees in Tafelberg se skadu

Chris van Vuuren

VYFSTER-TENNIS is hierdie week die Kaap se voorland wanneer van die room van wêreldtennis op die Moederstad in die skadu van Tafelberg toesak om mee te ding in die R190 000 National Video-Uitdaagtoernooi in die Goeie Hoop-sentrum.

Bo aan die lys is Australië se Davisbeker-speler Darren Cahill, tans die 25ste beste speler in die wêreld. Cahill, wat feitlik verseker die top gekeurde speler sal wees, het die tenniswêreld verlede jaar aan die brand gespeel en homself gelanseer op die weg na roem.

In die Amerikaanse Ope op Flushing Meadow het hy die semifinaal bereik en onder meer met Boris Becker en Aaron Krickstein afgereken.

In Gstaad het hy die titel gewen en het hy onder andere ook met Pat Cash en Kevin Curren afgereken. In Kaapstad kry die tennisgeesdriftiges nou die kans om te sien presies hoe hy dit gedoen het. Sy opwindende styl gaan beslis 'n groot aantrekkingskrag wees.


Maklik gaan dit egter nie vir die Aussie wees nie. Suid-Afrika se nommer een speler Christo van Rensburg speel vanjaar die tipe tennis wat hom al in die top twintig van die wêreld laat beland het. Tans 33ste in die wêreld, sal Van Rensburg, 'n Kapenaar, baie graag voor sy eie mense met die eerste prys van R40 000 wil wegstap.

Verder is daar die bonkige Johan Kriek wat oor die charisma beskik om die Goeie Hoop-sentrum vol te pak. Sy ongelooflike vaart en reflekse maak altyd van hom 'n bedreiging. Dan is daar ook nog die Amerikaner Paul Annacone en die Aussie Mark Kratzmann wat nie onderskat moet word nie.

Die Suid-Afrikaanse jong turke maak ook heelwat belangstelling gaande. Neil Broad, Pietie Norval, Byron Talbot, Wayne Ferreira en Grant Stafford is op die vooraand van baie belowende internasionale loopbane.

Hulle kan met 'n paar puik vertonings dié week hul pad na roem begin uitkerf. Ander plaaslike spelers soos Danie Visser en Piet Aldrich kan ook hul stem dik maak.

Die eerste wedstryde begin Maandag met die finaal Saterdag.



SA se nommer een, Christo van Rensburg

# Kan die krake in Sacos nog toegestop word?

Charles Leonard

DIE South African Council on Sport (Sacos) en die National Sport Congress (NSC) het die eerste keer vandeesweek in die openbaar vir mekaar tande gewys. En dit was nie 'n glimlag nie.

Sacos se uitvoerende bestuur het die afgelope naweek in Athlone in Kaapstad vergader en 'n paar knelpunte bespreek.

Die bestuur het hul onverbonde politieke posisie bevestig. Sacos-president Joe Ebrahim, het aan Vrye Weekblad gesê dit beteken dat hulle nie kant kies vir of teen die UDF, Azapo of die Unity Movement nie, maar met almal sal saamwerk.

Die NSC - 'n nuwe nie-rassige liggaam - het probleme hiermee omdat hulle onomwonde hul gewig by die nie-rassige UDF/Cosatu-groepering ingooi.

Sommige NSC-mense kritiseer dié onverbondenheid van Sacos. Hulle meen dat Sacos dit as rookskerm gebruik om die Swart Bewussyn-gesinde Unity Movement te inkorporeer.

Sacos en die NSC het reeds twee vergaderings gehou om laasgenoemde se posisie in die nie-rassige sportwêreld uit te klaar. Daar is in besonder na hul verhouding met Sacos gekyk.

Sapa het die week berig dat Sacos beweer die NSC het by die vergaderings erken dat Sacos die ware verteenwoordigers van nie-rassige sport in Suid-Afrika is; dat die organisasies mekaar sal aanvul en dat die NSC net werksaam sal wees waar Sacos nie verteenwoordig is nie.

Die NSC, het by monde van

*Na bladsy 15*

MOTORWEDRENNE:

## Dis Berger en Ferrari vir die stryd op Imola

Len Wagenaar

VIR die Ferrari-Formule een-span sal Sondag seker een van die belangrikste dae van vanjaar se Grand Prix-seisoen wees. Gerhard Berger en Nigel Mansell sal net die San Marino-wedren móét wen.

Eerstens omdat die Imola-baan skaars 30km van Ferrari se hoofkwartier in Maranello is en duisende geesdriftige Italianers die rooi motors luidkeels sal aanmoedig en tweedens omdat daar van hulle verwag word om te wen ná Mansell se oorwinning in die Brasiliaanse Grand Prix.

Maar dinge gaan nie so goed met die motors met die pronkende perdembleem nie. Enjin-moeilikheid en onderstel-probleme het verlede week se oefensessies in die wiele gery.

Daarenteen lyk die twee McLarens van wêreldkampioen Ayrton Senna en Alain Prost slaggereed vir die San Marino-Grand Prix. Senna het reeds gewys hy is reg vir besigheid deur die rondtetye wat die turbo-motors verlede jaar opgestel het, te ewenaar en selfs te verbeter.

Maar Ferrari het voor die Brasiliaanse Grand Prix laat blyk hulle sal te bly wees as hulle nuwe semi-outomatiese ratkas net vyf rondtes hou. En daar wen Mansell sommer met sy intrapslag in die Maranello-span!

### Renault se uitdaging

Thierry Boutsen en sy spanmaat Ricardo Patrese in die Williams-motors met Renault-krag kan egter die kaarte deurmekaar krap. Ook die blitsige Alesandro Nannini en die Skotse jongeling Johnny Herbert, wat 'n droomdebuut in Formule een-wedrenne in die Brasiliaanse Grand Prix gemaak het, in die Benettons met Cosworth-krag moet nie buite rekening gelaat word nie.

As die Judd-enjins van Ivan Capelli en Mauricio Gugelmin net daardie klein bietjie ekstra krag kan uitskop, kan dit moontlik dié Britse span se eerste oorwinning in byna twee jaar beteken. Maar net die tyd sal leer.

As die Ferraris loop soos hulle behoort te loop en die vlagswaaiende Italianers gee die nodige aanmoediging, moet 'n mens jou geld op Berger sit. Hy sal egter genadeloos gejag word deur die Franse "professor" en die haastige Brasiliaan in hul McLarens.

* Ses baanrekords is verlede saterdag op die Zwartkops-renbaan buite Pretoria verbeter toe die groot kanonne van Suid-Afrikaanse motorsport mekaar die stryd aangesê het.

In die WesBank-ren het SuperSarel van der Merwe weer 'n keer vir Willie Hepburn hakke gewys. Dit is seker dat Hepburn gou weer 'n draai in Amerika sal gaan maak om sy groot V8- Opel Rekord nóg krag te gee.

Maar dit was die renstelle wat gewys het húlle is die vinnigste motortjies op dié baan. Derek Irving se rondtetyd van 49 sekondes was byna 2 sekondes vinniger as wat Sarel in sy magtige Audi Turbo kon vermag.

RUGBY:

# Aanslag om Lionbeker-glorie begin

Chris van Vuuren

DIE verdedigende kampioenspan Westelike Provinsie begin sy aanslag om die Lionbeker vanjaar weer in die Kaap te hou Saterdag op Springs wanneer hy teen Oos-Transvaal te staan kom.

Carel du Plessis se span behoort op 'n drafstap te wen. Die Rooi Duiwels se vurke is stomp nadat hulle deur Transvaal gebraai is. Op Springs behoort hulle egter beter te vaar, maar 'n oorwinning hoort nog steeds buite hul bereik te wees, tensy die WP werklik baie swak speel.

Transvaal waag dit in die gevaarsone wanneer die span van Wahl Bartmann na Windhoek reis om Suidwes-Afrika te pak.

Die Suidwesters was nog nie 'n skadu van die span wat almal verlede seisoen verras het nie, maar op sy tuisveld is hy altyd 'n omgekrapte span. Transvaal kan nou, ná sy twee skitterende oorwinnings onlangs, nie bekostig om slap te lê nie.

Noord-Transvaal sal vir sy nederlaag teen Transvaal op Ellispark verlede Saterdag moet vergoed wanneer hy Vrystaat in Bloemfontein pak. Maklik sal dit egter nie vir die Blou Bulle wees nie.

Vrystaat is hierdie seisoen 'n heeltemal ander span en speel met baie meer durf en vuur. Die Bulle sal met veel meer oorgawe as teen Transvaal moet speel indien hulle nie reeds in die tweede rondte wil vasval nie.

Natal, ná sy sukses Dinsdag in die Yardley Gold Cup, loop breëbors rond en dit sal voorwaar 'n yslike verrassing wees as Noordoos-Kaapland op Cradock sorg dat die Piesangboere se aanspraak op Lionbeker-sukses beëindig word.

Op Witbank kon Suidoos-Transvaal teen Wes-Transvaal te staan en die Mielieboere behoort koning te kraai. Vaaldriehoek speel op Sasolburg gasheer vir Verre Noord, op Kimberley pak Griekwas vir Boland en op Dal Josafat in die Paarl gaan die opwindende WP-Liga poog om Noord-Vrytaat te stuit.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad 21 April 1989


# SA karavaan vol musiek na Parys

Marc Le Chat

DIE grootste Suid-Afrikaanse musiektoergroep wat nog saamgesien is, vertrek teen die einde van die maand na Frankryk. Die African Caravan-toer sal 'n maand duur.

Vyf groepe wat 'n deursnit van Suid-Afrikaanse musiek verteenwoordig, sal die toer meemaak: die tradisionele dansgroepe Ngane en Khamba, die township-disko ster Chicco, die Afro-pop persone Zia, SA se reggae-koning Lucky Dube en die groep wat volgens hulle leier, Ray Phiri, al dié musiekvorme insluit - Stimela.

Die Soul-Mbaqanga groep, The Soul Brothers, was ook aanvanklik op die lys, maar sal nie saamgaan nie.



Ray Phiri van Stimela

Die Caravan arriveer op 27 en 28 April "en masse" in Parys, Frankryk. Hulle sal televisie- en ander promosiewerk doen totdat hulle optree by die bekende Franse lentemusiekfees Angouleme. Angouleme was twee jaar gelede die platform vir Johnny Clegg en Savuka se internasionale deurbraak.

Die Suid-Afrikaanse groepe sal ook in Amiens, Romans en Niems sowel as by ander geleenthede in Parys optree.

Lucky Dube sal ná die toer 'n Amerikaanse kampustoer van ses weke onderneem. Ray Phiri en Stimela sal ook in Amerika toer.

Intussen het dit bekend geword dat Shangaan-jiver Sipho "Hotstix" Mabuse ook weer oorsee vertrek. Sy langspeler "Chant of the marching" wat deur Virgin UK verlede jaar opgeneem is en waarop Miriam Makeba op die een snit sing, word op 15 Mei in Suid-Afrika vrygestel.

Die Leeu van Soweto, Mahlathini, en die Mahotella Queens, wat so pas uit Europa teruggekeer het, werk ook aan 'n nuwe langspeler.

Die Caravan en sy musikante word van 20 Mei weer in Suid-Afrika terugverwag.



## Tussen die duiwel en die diep blou see

**Terry Norton verskyn tans in Clare Stopford se nuwe stuk, The Last Trek, by die Markteater, terwyl een van die talle "belastingvoordeel-flieks", The Emissary, waarin sy een van die vroulike hoofrolle vertolk, vandag by SK-bioskope begin. Sy praat met Charles Leonard oor "die keuses in die bedryf"** *Foto: Ruvan Boshoff*

- 4




Sandra Prinsloo en Die Man in die Blou Maanspan skep 'n fees vir die sintuie - 4

Comics in die struggle - 6

Polisiemanne met gewetens? Mississippi Burning begin in SA - 5

Judith Mason se plakboek - 8

Elisabeth Eybers waarsku teen suiwerheid - 3

Maak die predikant se slaai - 8

# Musiek wat jou laat lekker Cray

## HAKKAS

Plateresensies deur CHARLES LEONARD

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel**

**HOMELANDS - ELLIS, BEGGS & HOWARD (1)**
Hendrik Verwoerd se beleid van tuislande het vir homself gespreek en doen dit nog steeds.

E,B & H se plaat doen dit ook: "Oh babe, oh chick a boom baby/ Listen to me one time now baby". Ek voel een maal is meer as genoeg dankie, kêrels.

Nog 'n tuislandtreffer op Bad Times (insiggewende titel): "Come back baby and love me/ I want you only, oh yes I do/ Coz I love you".

Dit wemel van baie meer sulke ongekonsolideerde tuislandjies op Homelands.

Dit wemel van drommasjiene en voorspelbare ghitaarkoorde.

Een snit, Where did tomorrow go?, is darem aanvaarbaar.

My opsomming van hierdie plaat: Ons het Homelands, die plaat, so nodig as wat ons tuislande, die beleid, het.

**HOLD ON TO ME - THE BLACK SORROWS (GALLO) (6)**
The Black Sorrows is 'n nuwe groep uit Australië wat heel skaflike musiek maak. Die stukrag agter die groep is gewese lede van Jo Jo Zep and the Falcons, wat so paar jaar terug so 'n groot treffer met die lekker The shape I'm in gehad het.

Joe Camilleri en Jeff Burstin is die regisseurs, en Burstin en Wayne Burt speel albei ghitaar op die plaat.

Hold on to me is 'n besonder aangename plaat. Al beswaar wat geopper kan word is dat die sanger Joey Vincent se stem presies soos Van Morrison s'n klink.

Dit op sigself is natuurlik geen skande nie, maar dit sal veroorsaak dat hulle dalk sal sukkel om hul eie identiteit op te bou, sonder om met die Van verwar te word nie.

Ek hoop tog dat ek verkeerd bewys gaan word deur hierdie Aussies.

**DON'T BE AFRAID OF THE DARK - ROBERT CRAY BAND (TEAL RECORDS) (9)**
Robert Cray se musiek laat my aan die werk van 'n filmregisseur soos Alan Parker dink. Parker is die gees agter films soos Birdy, Fame en Mississippi Burning.

Hierdie films is bogemiddeld goed en terselftertyd toeganklik.

Die Robert Cray Band is van dieselfde kaliber.

Sy tipe blues is nie net vir fynproewers nie, maar is dit darem ook nie opgeslurp deur die hysbakmuzak-monster soos in George Benson se geval nie.

Ek het een beswaar teen Robert Cray. Hy laat jou rondtrippel van ongeduld.

Sy vorige langspeler Strong Persauder is al in 1986 uitgereik en ons moes tot nou toe wag vir Don't Be Afraid Of The Dark (DBAOTD).

Cray-hulle was tussen die twee langspelers op 'n uitgebreide wêreldtoer. En dit is hier waar die ongeduld inkom. Ons Suid-Afrikaners moet maar tevrede wees met die vinielweergawe van Cray en kollegas.

Die Robert Cray Band is al 14 jaar lank op die pad en dit wys. Die manne is uiters professioneel en DBAOTD het geen vaak oomblik nie.

Hul begelei nog steeds verhale van verneuk, verlief, verlei en verwydering met verstommende vernuf.

Cray op ghitaar, Richard Cousins op basghitaar, Peter Boe op klawerborde en David Olson agter die velle, word bygestaan deur The Memphis Horns en saksofoonspeler David Sanborn, wat sorg vir 'n heerlike vol klank.

Hul knusse kombinasie word die beste op Your Secret Is Safe With Me gehoor.

Die groep wys dat blues en jazz bloedverwant is met die jazzy jakkalsdraai, Across The Line.

I Can't Go Home is tipiese kop-op-die-handpalms, staar-in-jou-bier, daar's-hel-by-die-huis Cray-musiek. Die begeleiding is 'n stadige blou ghitaar en onheilspellende orrel.

Op Laugh Out Loud het Cray wonderbaarlik iemand gevind wat kan huishou met die man met die ewige jeuk in sy lyf: "I can laugh out loud/ I ended up with you".

Ek hoop nie die Robert Cray Band straf ons weer met so 'n lang wag vir die volgende plaat nie. Dis darem nie "fair" nie.



Robert Cray skrik nie vir die donker nie


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry & Sat — JAHNITO
Dins, Woens & Don — TANANAS

Tel: 836-6002/838-1769



SHIFTY RECORDS & VRYE WEEKBLAD

bied aan

VOËLVRY

met

BERNOLDUS NIEMAND
& die swaart gevaar
ANDRE LETOIT
GEREFORMEERDE BLUES BAND

Shifty Records/Vrye Weekblad Voëlvry toer
Toerdatums

Vandag Vrydag 21 April - Maluti Lodge Hotel, Clarens - 8nm. Saterdag 22 April - Welkom - Heavenly Bodies Gymnasium - 8 nm. Vrydag 28 April - Bloemfontein - Frans Cronjé Saal, skougronde - 9nm. Saterdag 29 April - Kroonstad - Alan Rautenbach Saal - 8nm. Woensdag 10 Mei - Universiteit van Wes-Kaap - Main Hall - 9nm. Vrydag 12 Mei - Universiteit van Stellenbosch - Die Gat - 9nm. Saterdag 13 Mei - 3 Arts Theatre, Plumstead, Kaapstad - 9nm. Woensdag 17 Mei - George Stadsaal - 9nm. Vrydag 19 Mei - The Feather Market Hall, Port Elizabeth - 9nm. Saterdag 20 Mei - Grahamstad Stadsaal - 9nm. Vrydag 26 Mei - Methodiste Kerksaal, Durban - 9nm. Saterdag 27 Mei - Pietermaritzburg University, Students Union Hall - 9nm. Vrydag 2 Junie - Windhoek Teater - 9nm. Saterdag 3 Junie - Windhoek Teater - 9nm.

Toegang R8. T-hemde, plakkers en lapelwapens sal by die deur verkoop word.

# Fetisj vir suiwerheid bedreig ons taal - Eybers

Fanie Olivier

DIE merkwaardige talent van ons poësie se Groot Gryse, Elisabeth Eybers, is verlede week herbevestig toe die Ou Mutual-prys van Human & Rousseau aan haar toegeken is. Dié slag vir haar bundel Rymdwang.

In haar ontvangsrede het die digteres haar skerp uitgelaat oor die "fetisj van suiwerheid en superioriteit" wat Afrikaans se bestaan sou kon bedreig.

Drie-en-vyftig jaar gelede het Eybers - ons eerste vroulike digter - haar debuut gemaak in die Afrikaanse poësie. Nou, 'n halfeeu en baie bekronings later, is daar, soos prof Tony Links van UWK in sy huldigingsrede gesê het, net tekens van groter verfyning en van 'n greep op die mag van woorde wat jonger skrywers vaal laat lyk.

As gevolg van haar gesondheid kon die digteres nie self afreis uit Nederland nie, maar het haar dogter namens haar die prys in ontvangs geneem. Sy het by die geleentheid 'n kort briefie van Eybers voorgelees, waaruit duidelik bly dat die ironiese ruimte van die digteres se woorde nie net tot poësie beperk is nie:

"Vir my beteken dit één verrassing ná die ander. Dat ek, wat 28 jaar gelede Suid-Afrika verlaat het, my nog in soveel belangstelling in my land van herkoms kan verheug. En dat die Ou Mutual, van wie ek mag aanneem dat dit bestuur word deur ervare, volleerde sakelui wat dit kan bekostig om ook op 'n humane, kulturele vlak hul invloed te laat geld, verwag dat 'n ouderwets-introverte digter iets mee te deel het wat op een of ander manier (tot algemene nut) mag wees.

"Nee ek is helaas geen verskaffer van boodskappe nie, behalwe wat poësieliefhebbers dalk uit my gedigte mag aflei..."

"Ek is en bly 'n produk van Suid-Afrika. In die beoefening van my ambag is die Afrikaanse taal my kosbaarste instrument. Hierdie taal het spontaan, sonder voorskrifte en stelreëls, ontwikkel uit isolasie, op 'n groot afstand van die Nederlandse oerbron, uit wisselwerking van rasse en groepe wat in 'n soort smeltkroes op mekaar ingewerk het, goddank vóór daar 'n owerheid ontstaan het wat 'n fetisj (of afgod) gemaak het van suiwerheid en superioriteit.

"Mag hierdie taal, naas die wêreldtaal Engels, waaraan ons ook oneindig veel te danke het, voortlewe in die mond van miljoene Suidafrikaners wat mekaar ook 'n menswaardige bestaan gun."

* Die jaarlikse jag op literêre pryse is nou oop. Die Hertzogprys gaan vanjaar vir prosa en vier name word genoem: Wilma Stockenström, vir al haar prosa, Elsa Joubert vir al haar prosa, Jeanne Goosen en, as buiteperd, Etienne van Heerden met Toorberg.

Die ATKV se pryse vir "goeie gewilde prosa" gaan waarskynlik ook by die vrouens beland. Daar is Eleanor Baker se Die kwart-voor-sewe-lelie, Margaret Bakkes se Johanna die Geliefde en Fransi Phillips se sprokiesagtige Theresa se Droom waarskynlik die sterkste aanspraakmakers.



Elisabeth Eybers

## Voëlvry-konsert verskuif na Clarens

DIE Shifty/Vrye Weekblad Voëlvry Toer se konserte verlede naweek was 'n skreiende sukses. Meer as 300 aanhangers van die groepie musikale pioniers moes op Vrydagaand by die Maskersaal op Pretoria Universiteit se kampus weggewys word weens 'n tekort aan sitplekke.

Weens die eienaardige afsku vir verandering wat nog op die platteland voorkom, is die opvoering wat oorspronklik vanaand in die Voortrekker Hoërskoolsaal op Bethlehem sou plaasvind, verskuif na die Maluti Lodge naby Clarence - om 8 nm. Môreaand se opvoering in Welkom se Heavenly Bodies Gym om 8 nm bly soos dit op die oorspronklike program aangedui is, nes volgende naweek se opvoering in Bloemfontein se Frans Cronjesaal om 9 nm. Sover.



Piet Pers van die GBB mis Valentynsdag

## Gulls 'n treffer

DIE verhoogtreffer Gulls wat ná 'n landwye toer weer in Johannesburg aangebied word, beleef Saterdag sy honderdste opvoering.

Gulls bied 'n deernis-volle blik op die lewe van Bill - vertolk deur Ron Schmerzak - wat brein-skade opgedoen het en nie normaal kan kommuni-keer nie. In die stuk kan hy egter sy gedagtes deel met die gehoor.

Gulls spog reeds met drie Fleur du Cap-pryse, twee kwartaallikse Vita's as beste produksie en die 1988-Dalro vir Beste Akteur: Schmerzak.

Die ander spelers is Joy Stewart-Spence, Jeremy Taylor en Mitzi Booysen. Keith Grenville behartig die regie. Die stuk word tot 29 April in die Alexander-teater aangebied.

## Duisende gratis kaartjies

Beverley Garson

AGTIEN DUISEND RAND se kaartjies vir die Grahamstadse Kunsfees word aan plaaslike township-inwoners geskenk deur die organiseerders.

Dit volg op verlede jaar se hewige kritiek teen die fees.

Die kaartjies sal gegee word aan gemeenskapsorganisasies, kerkgroepe, senior burgers, werkloses en studente.

Die skenking is 'n poging van die organiseerders om die fees meer toeganklik te maak vir die meerderheid van Grahamstad se bevolking.

Die kaartjies geld vir die hooffees en die Fringe.

Die feesbeampte, Miggi Lorraine, het gesê die komitee glo dis baie belangrik om die kunste toeganklik te maak vir mense wat eenvoudig nooit die geld het om te gaan kyk nie.

Sy het ook gesê dat sale onder beheer van plaaslike dorpsrade gebruik sal word sodat die fees deur die hele gemeenskap versprei word.

Verder beplan die 1820 Stigting om drie opleidingskursusse vir werkloses in beligting, klank en rekenaarsvaardigheid aan te bied.

Die mense wat die kursusse slaag, sal werk kry vir die duur van die fees.

Biskop Sigqibo Dwane, van die Ethiopiese Orde, het deur die jare kritiek uitgespreek teen die aard van die fees.

Hy het gesê die fees, wat tien dae lank duur, doen niks vir die mense van Grahamstad nie.

Hy het gesê hy is geskok dat die organiseerders saam met wit sakelui aanhou om die groot fees te organiseer te midde van die armoede waarin die township-mense woon.

Biskop Dwane kon nie bereik word vir kommentaar oor die skenking van die kaartjies nie. - ANA

## Skaars manuskripte op veiling

PARYS - Die grootste versameling 19de-eeuse Franse manuskripte in die wêreld is vandeesweek opgeveil.

Die afslaers reken dat dit sowat R40 miljoen werd is.

Die manuskripte, briewe en skaars uitgawes is versamel deur kol Daniel Sickles, wat verlede jaar Augustus dood is.

Dit sluit 'n handgeskrewe manuskrip in van Guy de Maupassant, met talle veranderinge. Daar is ook skaars eerste uitgawes van Gustave Flaubert se Madame Bovary en Baudelaire se Les Fleurs du Mal. - AFP

## Nee dankie!

DIE burgemeester van Durban, Derrick Watterson, het 'n uitnodiging na die amptelike opening van die Durbanse Filmfees hierdie Sondag van die hand gewys.

Sy beswaar is teen die openingsprent, A World Apart, wat volgens hom ANC-propaganda is. Dit is 'n outobiografiese prent deur Shawn Slovo, dogter van die Joe Slovo, uitgeweke leier van die SA Kommunistiese Party.

Die feesdirekteur, Ros Sarkin, sê as die burgemeester om politieke redes nie wil kom kyk nie, hoef hy nie. - Sapa


Shifty Records


Maak dadelik gebruik van ons sukkel-vrye posbestel-stelsel — g'n parkeer-probleme — g'n inaseming van giftige gasse — g'n ongepoetste kassiere — stuur net die vorm en die geld om die beste in ware Suid-Afrikaanse musiek teen redelike pryse te kry. 'n Volledige katalogus is beskikbaar. Alle pryse sluit posgeld en verpakking in.





THE KĔRELS EK SÊ
R18 SLEGS PLAAT




MR MAC & THE GENUINES
R18 PLAAT & KASSET



VOËLVRY
R18 PLAAT & KASSET



TANANAS
R18 PLAAT & KASSET







DIE LOW-BUDGIE KASSET-REEKS — TOP KWALITEIT KASSETTE IN 'N BESPARINGSVERPAKKING — 'N KEUSE UIT HAPPY SHIPS / SOFTIES / CHERRY-FACED LURCHERS / KOOS / ISJA / WASAMATA / ABSTRACTIONS / CORPORAL PUNISHMENT / FORCES FAVOURITES & A NAARTJIE IN OUR SOSATIE VIR 'N SKRALE R10 ELK.

Shifty Records Bestelvorm — VW

Naam ..............................
Adres ..............................
..............................
.................... Kode ..........
Telefoon ..............................
Pos aan: Posbus 27513 Bertsham 2013

Stuur asb die volgende:
1 ..............................
2 ..............................
3 ..............................
4 ..............................
5 ..............................

Ek sluit R.......... in. NOTA: Slegs tjeks en posorders wat uitgemaak is aan SHIFTY RECORDS sal aanvaar word.

# Sonder geloof bly woord morsdood

**L.S. deur Leon Strydom, uitgegee deur Human en Rousseau teen R19.95 plus AVB. Resensie deur WILHELM LIEBENBERG**

DIE letters L.S. wat sierlik, groot en wit pryk op die omslag van 'n andersins naam- en titellose digbundel wat onlangs verskyn het, is die voorletters van Leon Strydom, digter en professor in die Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Ná sy eerste bundel, Geleentheidsverse, het daar vyftien jaar verbygegaan - mens het begin wonder of hy nog dig - en nou, met L.S. het Strydom met iets vorendag gekom waarvan die literêre wêreld wel deegliks kennis sal neem. Hierdie verse, gladgeskuur soos maalklippe, het 'n sterk, eie stem wat 'n aardse boere-Afrikaans lekker vlot van die tong laat rol.

Dit is egter 'n heel mistieke gegewe wat so aards weergegee word. Die omslag bied 'n sleutel: 'n houtsnee van twee figure wat mekaar omhels in 'n soen bo-oor 'n mistieke Latynse teks oor God en liefde uit die middeleeue. So vind mens dan ook n die bundel die identifikasie van God se woord met inseminasie: "toe op die hoogte het sy gevoel/ die man/ die man/ gaan by haar in/ soos o gods woord in 'n ouderling".

boeke-blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

## Gekruisig

In die liefdesdaad word die vrou soos Christus gekruisig en soos Isak geoffer; haar maandstonde word met Sy bloeiende wonde vergelyk. Die "gawe van tale" word "'n klipsteen van 'n ereksie in die volksmond".

Met al sy gemaklike Afrikaans wat so knus in die oor kom sit, is dit wat die digter nou eintlik wil sê, meestal nogal obskuur. Die volkse taal met sy NG Kerk-byklanke, is propvol raaisels en om hond haaraf te maak, sit nie sommer in enigiemand se broek nie.


Die rykdom van resonansies wat hierdie eenvoudige verse oproep, sal verbygaan aan diegene wat nie meer hul Bybel van voor tot agter ken, Latyn kan lees, vertroud is met middeleeuse mistieke tekste, ten minste op honneursvlak geskool is in die lees van poësie, hou van kopkrap en besonder baie geduld het nie.

Die onverstaanbaarheid van die verse is dalk funksioneel as mens kyk na die situasie wat in die slotgedig vasgevat word: "die kategismus het verkrummel ook die te deum". En miskien is al wat mens nodig het net so 'n bietjie geloof, want soos daar in een van die gedigte gesê word: "die woorde wat hy lê in jou mond is maar taal/ en sonder geloof bly ook die woord morsdood".

Ek wonder of dit so eenvoudig is. Die wyse waarop God in hierdie bundel vir oulaas "voordat hy verdwyn in die niet..." poog om deur middel van sy profeet L.S. "ons onder sy vleuels te neem/ ...die lummels die vrate die hele fokskreiende sjebeen" toon 'n spanning tussen die aardse aanbod en die esoteriese, boekige betekenis.

Dis 'n God hierdie wat ver verwyderd is van ons Suid-Afrikaanse werklikheid - net mooi die teenoorgestelde van die God wat die kontekstuele teologie in die struggle van die armes vind.

En kan mens, met 'n God waarvoor jy so fyn moet luister om Sy asem op die wind te hoor, nie maar net so wel wonder of jy jou dit nie verbeel nie?

THE ANTI-CENSORSHIP ACTION GROUP
INVITES YOU TO
READ FREE
a poetry & prose reading by
Achmat DANGOR
John KANI
Danny KEOGH
Mzwakhe MBULI
Siphiwe NGWENYA
Jonathan PATON
Fiona RAMSAY
Sipho SEPAMLA


at THE WAREHOUSE, MARKET THEATRE
SATURDAY 29 APRIL, 12·30—2·00pm
ADMISSION FREE

# Tekenprente vir 'onwillige lesers'

**Victor Munnik**

IN 1984 het 'n uitgebreide krisis in ons swart skole getref. Tussen die geweld van brandende klaskamers en ontoegeeflike staatsoptrede het die slagkreet geklink: eers bevryding dan opvoeding.

Die begeerte om steeds opvoedkundige materiaal in so 'n klimaat te verskaf, het SACHED (SA Council for Higher Education) gelei om - in 1988 - twee tekenprentboeke die lig te laat sien.

Equiano, the slave who fought to be free, en Down Second Avenue, gegrond op die outobiografie van Es'kia Mphahlele, was pogings om "materiaal met baie illustrasies en eenvoudige Engels aan onwillige lesers beskikbaar te stel" - in die woorde van Mary Anne Bähr, kunstenares betrokke by die projek.

Die tekenverhale word aangevul deur taaloefeninge en geskiedenislesse.

Hoewel die boeke bedoel is vir swart skoliere, is gou gevind dat dit veral in formele onderrig gebruik is, vertel Bähr.

Dis nadat die aanvanklike teenkanting van onderwysers teen tekenprente oorwin is. Want intussen is bewys dat die prenteverhale leesvermoëns verbeter, en leeslus aangemoedig het.

'n Verdere doel was die "visuele opvoeding" van die teikengroep, sê Josie Stadler, 'n taalredigeerder by Sached.

Die skoliere moes blootgestel word aan visuele voorstellings, om hulle te help om bv diagramme en grafieke beter te hanteer.

Aanvanklik was die styl baie naturalisties, maar met Equiano (die tweede projek) het dit meer grafies geword.

## Verbied

Die staat het nie op hom laat wag nie. Down Second Avenue - the comic, is verbied. Ná maande is die verbod gedeeltelik opgehef - met die voorwaarde dat dit net deur die uitgewers, boekwinkels en biblioteke versprei mag word.

Dit beteken natuurlik dat straatverkope - 'n uitstekende manier om die materiaal te versprei onder die mense wat dit die beste kan gebruik - stopgesit is.

Die boeke word geproduseer onder toesig van 'n adviesraad - saamgestel uit lede van die Sached Trust wat 'n besondere belang daarby het.

Volgende op die lys is drie boeke met vroue as hoofkarakters. Wie hulle is, is nog geheim, maar hulle is local, en hulle stories is baie lekker.

## Slaaf word vry . . .

**Equiano, the slave who fought to be free. 'n People's College Comic, uitgegee deur Ravan Press teen R3. (1988)**

DIE aaklige, maar ware verhaal van die slawehandel word vertel deur een van die slagoffers wat dit oorleef het - en later gehelp het om dit af te skaf.

Die prenteboek is gegrond op The Interesting Narrative of the life of Orlando Equiano, or Gustavus Vassa, the African, Written by Himself, wat in 1789 verskyn het.

Hy is eers gevang deur 'n naburige stam, toe verkoop aan Europese handelaars. Hy was 'n slaaf in Amerika, en daarna 'n geskenk vir 'n dame in Londen. Hy het leer lees en skryf, en homself uiteindelik losgekoop.

As vryman het hy talle avonture beleef. Hy het ver gereis as matroos en onder andere 'n uitbarsting van die vulkaan Vesuvius beleef. Later was hy aktief betrokke by die veldtog teen slawerny.



Slawe in 'n suikerplantasie

## . . . seuntjie word skrywer


**Down Second Avenue. 'n People's College Comic, uitgegee deur Ravan Press, 1988. Gegrond op die outobiografie van Es'kia Mphahlele met dieselfde titel. R2.25.**

DIE boek vertel die verhaal van 'n seuntjie van die Noord-Transvaal wat 'n suksesvolle skrywer geword het.

Nadat sy pa tronk toe is (omdat hy sy ma aangerand het) trek hulle Pretoria toe. Marabastad was 'n opwindende plek om in te woon, maar 'n gedwonge verskuiwing onder die Groepsgebiedewet laat hom in Atteridgeville beland.

Mphahlele, wat altyd lief was vir lees, het 'n onderwyser geword. In die jarige vyftig is Bantoe-onderwys ingestel, en sy protes daarteen het gelei tot sy ontslag.

Hy was 'n joernalis by Drum, en het later in vrywillige ballingskap in Nigerië gaan woon. (Mphahlele is nou terug in Suid-Afrika, en ná 'n professoraat in Afrika-letterkunde by Wits, betrokke by die uitgewery Skotaville.)




'n Onderwyser wat ernstig is oor sy vak



# Judith se plakboek

**Talking Pictures van Judith Mason, beskikbaar by die Markgalery teen R35. Bespreking deur JOHAN BRUWER**

**Onder: Mahatma Gandhi deur Judith Mason. Olieverf**



JUDITH MASON se Talking Pictures is, soos die subtitel sê, 'n persoonlike "plakboek" - keurig op glanspapier gedruk deur haar man, Bruce Attwood - wat gevul is met 'n fragmentariese reeks visuele beelde uit haar werk, aangevul deur haar gedagtes oor haar eie kuns, die probleme van kunstenaars in die algemeen en die kunstoneel in Suid-Afrika.

'n Mens sou dit kon beskryf as potjiekos. Eerder as 'n samehangende geheel wat 'n mens liniêr van voor tot agter lees, vorm dit 'n steekproef van 'n kunstenaar se gemoed, 'n bundel pittige gedagtes wat 'n mens op enige plek kan oopslaan om 'n bietjie te proe.

Sy som dit self goed op: "Any resemblance between these snippets and those long, rambling inconclusive and somewhat inebriated conversations which are part of the artist's trade is intentional."

Mason raak 'n wye reeks onderwerpe aan - van Satan tot kunswedstryde - op 'n manier wat, volgens die aard van 'n "plakboek", baie vlugtig is, maar ook gevul met onverwagse, gekonsentreerde kristalle van insig wat 'n mens bybly. Enkele voorbeelde:

* "If Einstein produces an incomprehensible equation we remark on his brilliance, when Picasso produces a difficult drawing we comdemn his waywardness."
* "We disapprove of children getting 'high', instead of realising that this unlovely word defines a legitimate aspiration and that the job of educator is to show people how to enjoy peak experiences without damaging themselves or anybody else.".
* "The artist has only one life. The dealer has as many as there are artists on his books."
* "Claims that one should be proud to be white or black, or English or occidental distress me. By the same token one should be proud of being twnty-six or forty-nine.., five-foot-two or left-handed."

## Gedagtewêreld


Uiteindelik word Mason se gedagtewêreld in dié boekie beter uitgebeeld as haar visuele werk. Illustrasies - soos dié van die vier sypanele van haar Monkey Shrine op bl 3 is te klein om 'n indruk van die detail te gee, terwyl details uit haar skilderye wat groot afgebeeld is, weer die samehang van die geheel verloor.

In 'n sekere sin weerspieël die klem wat op fragmentariese detail gelê word, haar aanslag as kunstenaar. Sy is soos 'n kunstenaar wat deur die lewe vaar soos 'n vangnet en in haar werke abstrakte idees sowel as konkrete, gevonde objekte opvang.

Soms, soos in From the Tombs of the Pharaohs of Jo'burg (bl 45) oorweldig die omvang van die idee-samestellings as geheel die trefkrag van die afsonderlike beelde wat daarin opgeneem is. In dié werk voel 'n mens dat die rasionele simmetrie van die rangskikking die emosionele trefkrag van die onderdele verwater.

Uitgeligte visuele details in dié boek, soos die fragment uit die Monkey Shrine (bl 8), wys daarenteen die enorm gekonsentreerde emosionele impak wat sy aan 'n beeld kan gee wanneer sy die toevallige opdrifsels uit haar visuele opvangnet verwyder om 'n enkele beeld wat sy uit die onbewuste opgediep het, lewend na vore te laat tree.

Talking Pictures illustreer altwee Judith Masons: die een wat die magiese suggestiwiteit van die Rorschach-toets bereik en diep aan die oerbeelde van die psige raak, èn die een wat soms effens te veel praat.



Karin Jaroszynska by een van haar werke
*Foto: Ruvan Boshoff*

# Passie sonder twyfel

**Debbie Amos**

IEMAND wat haarself as 'n kunskenner beskou omdat sy af en toe 'n kunsgalery in Johannesburg besoek, het eenkeer gesê sy dink moderne kuns is die produk van 'n siek brein.

Sy is natuurlik die een met die probleem, maar die feit dat sy saamstem oor die uitsonderlikheid van Karin Jaroszynska se uitstalling by die Everard Read-galery, is kommerwekkend - want wie weet dan nou eintlik iets van kuns af?

In elk geval, as daar 'n kunstenaar is wat daarin slaag om mens en dier met absolute passie, warmte en waarheid te verenig, is dit Karin. Niks in haar werk is onseker nie, niks twyfel nie.

Die misterie van die Klassieke wêreld skyn uit die gelaatstrekke en emosies van die mense in haar werk, om nie eens van die diere te praat nie.

Die subtiele seksuele suggestie tussen mens en dier in van haar werk is miskien skokkend vir die oog met 'n klap aan, maar vir die wyehoek-oog laat dit 'n opgewonde, dog steurende gedagte na.

Dan is daar ook haar diermensskeppings wat met hul menslywe en dierkoppe fassineer. Soos byvoorbeeld haar werk Lovers waarin twee menslywe, een met die kop van 'n hoenderhaan en die ander 'n bul, die toeskouer uit erkenning - of skok - tot stilstand dwing.

Al haar skilderye spreek van 'n stil en ryk kwaliteit wat Karin verkry met die gebruik van die oorweldigende warm of koue kleure van elke skepping asook die omgewing waarin die karakters hulself bevind. Los verfhale oor die doek gee die skilderye 'n weelderige tekstuur en dien as basis vir die finale treffer-produk.

Pigs is die titel van een van haar werke waarin sy briljant daarin slaag om die lyne en kleur van die karakter met die agtergrond waaruit hy stap saam te smelt, sodat hy as't ware deel van sy omgewing is.

Dit was voor hierdie skildery wat Karin Jaroszynska erken het dat sy baie van varke hou...

# Hartseerstorie uit die Sixties

**Gunfight at Carnegie Hall. Colin Shamley met die lewe en musiek van Phil Ochs, by Pot-Pourri. Waardering deur VICTOR MUNNIK**

DIE treurige verhaal van Phil Ochs word op 'n baie menslike en oortuigende manier deur Colin Shamley vertel - met 'n enkele omslagfoto van Ochs op 'n tuisfliekdoek, 'n kitaar en 'n mike en 'n pakkie Chesterfields.

Sluit jou oë en jy sal dink dis 'n radio-program.

Shamley vertel die geskiedenis van die jare sestig soos wat Ochs daardeur beweeg het. Dit was die tyd van Kuba en Kennedy, oorlog in Viëtnam en dienspligontduiking. Daar was protes op kampus, blommekinders in gevegte met varke, die hoë profiel politiek van die Yippies, die groot konserte en uiteindelik Groot Geld wat sy klam vingers op alles kry.

Tussen die vertellings, so van hart-tot-hart as wat net tussen oud-hippies moontlik is, word Ochs se liedjies gesing.

Die musiekbedryf kom maar sleg daarvan af in hierdie verhaal van miskenning deur sy eie gehore, TV- en radiostasies en die musiekverspreiders.

Sy ou vriend uit die Greenwich Village-dae, Bob Dylan, word beskryf as 'n verraaier - wat sy posisie in die musiekwêreld met behulp van sy "mafia" behou het.

Met al die terugslae het Ochs sleg uitgerafel. Sy idealistiese siening van die wêreld het vervaag onder die invloed van drank en dwelms. Hy het geskei van sy vrou. Sy vriende het hom verlaat.

Hoewel hy nooit genooi is om by konserte saam met die ander sixties-sangers op te tree nie, kry hy tog een aand die kans om in Carnegie Hall op te tree. Dit word 'n wilde aand. Ochs huppel in 'n goue kostuum op die verhoog rond en sing liedjies van die mense wat hom vroeg-vroeg beïnvloed het: Elvis en Bill Haley. Sy gehoor verstaan nie.


Uiteindelik reis Ochs deur Afrika. In 'n hawe hier naby word hy gedonder sodat hy nooit weer kan sing nie. Dis in hierdie jammerlike toestand wat Shamley hom ontmoet het.

Miskien was Ochs se spook ook daar, want dié uiters sensitiewe eenmanproduksie het onder tegniese probleme gely (wat egter net die emosionaliteit verhoog het).

Die stuk is aangekondig as Carnage at Carnegie Hall en die projektor wat Ochs se gesig moes wys, was 'n hele ruk lank af. Shamley wou weet hoekom ons so stil is, maar ons was eintlik te min om hande te klap.

En ons het, natuurlik, teen dié tyd ook al vreeslik treurig gevoel.

Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns
ZONA
Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak
Grantlaan 64,
Norwood.
Tel: (011) 728-4154



Kim Sacks-Galery
Hk Cavendish- &
Frances-straat
Bellevue, Johannesburg
Telefoon 648 6107/9204

# Die predikant (en gemeente) se slaai



WAAROM hierdie uitstekende, ietwat ingewikkelde slaai bekend staan as die predikant se slaai, weet nugter alleen. Is predikante goeie kokke, of hou hulle van slaai?

'n Rukkie gelede het ek oor slaaisous geskryf. Vandag, net voordat die winter ons inhaal en slaai van tafels begin verdwyn, wil ek skryf oor 'n slaai wat as voorgereg, maar ook as ligte hoofgereg voorgesit kan word.

Dis 'n baie indrukwekkende slaai, en as jy dit mooi in 'n groot erde- of glasbak rangskik, behoort jy 'n paar komplimente te kry. Dis ook baie lekker.

Dis belangrik dat 'n verskiedenheid tipes blaarslaaie gebruik word. Soek gewone blaarslaai, botterslaai, andyvies, baba-spinasie, Chinese kool en wat jy ook al in die hande kan kry. Woolworths verkoop soms gemengde slaaiblare.

My groot gunsteling is Chinese kool - ek wens ek het 'n tekening van die slaaisoort gehad sodat ek dit kan wys aan ons lesers wat dit nie ken nie.

Dit het pragtige lang blare. Die blare aan die buitekant is groen en dié in die middel liggeel en soms selfs wit.

Dit het 'n baie ligte mosterdsmakie, en word deur die Chinese in roerbraaigeregte gebruik. Waarom weet ek nie: daar moet geen vuur naby kom nie. Jy kan die buitekant van die slaaibak daarmee uitvoer en die ander slaaisoorte aan die binnekant rangskik.

Andyvies het krullerige blare, en is lekker bitter. As jy spinasie gebruik, moet dit jong spinasie wees. Volgroeide spinasie is nie lekker in 'n slaai nie.

Bestanddele:
(vir ses mense, of drie tot vier vir 'n hoofgereg)
'n verskeidenheid blaarslaaie om 'n groot bak mee te vul
'n huisie knoffel
200g gerookte spek in een stuk (nie pakkiespek nie)
twee-derde teelepel Dijon-mosterd (of 'n goeie matige mosterd)
sap van 'n halwe suurlemoen
30 ml olyfolie
80 ml sonneblomolie
een en 'n half teelepel appelasyn (of goeie wynasyn)
2 eetlepels goeie wynasyn
3 hardgekookte eiergele, deur 'n sif gedruk
sout
varsgemaalde swart peper
18 snye Franse brood

Was en droog die slaaiblare af. (Verwyder die dik stamgedeelt uit Chinese kool.)

Rooster die brood, en vryf die knoffelhuisie oor elke sny.

Verwyder die vel van die spek, en sny in blokkies 'n sentimeter of twee dik. Plaas in 'n kastrol met kookwater, en blansjeer 'n minuut of twee. Spoel in koue water af en dreineer.

Meng die wynasyn, suurlemoensap, olies, mosterd, sout en peper en klop goed, of skud in 'n bottel met 'n skroefprop.


Gooi die slaaisouse nou oor die slaaiblare sodat elke blaar 'n bietjie kry.


Verhit 'n pan oor hoë hitte, en soteer die blokkies spek totdat dit goudbruin is. Gooi die spek en die vet oor die slaai - as daar baie vet is, moet jy nie alles gebruik nie. Onthou daar is reeds slaaisous oor.

Gooi al die vet af, en gooi die appelasyn in die pan om die speksmaak los te kry. Laat die helfte afkook, en gooi die res oor die slaai. Plaas 'n paar stukkies brood bo-op die slaai, sprinkel die eiergeel bo-oor en bedien onmiddelik. Bedien die res van die brood apart.

As jy vinnig werk kan die slaai in ongeveer 'n halfuur maak. Lekker eet, dominee. So ook die gemeentelede.

KOOS COETZEE






## Nuwe wyn, ou inwoners

BOSCHENDAL Landgoedwyne kondig die eerste vrystelling van sy nuwe vonkelwyn, 1986 Boschendal Brut Rosé, aan. Die wyn is volgens die tradisionele méthode champenoise berei, en die vaste gistingstowwe is eers Januarie 1989 uitgeskiet.

En dan word die drie-eeue-fees van die stigting van die familie De Villiers in Suid-Afrika op Saterdag 6 Mei in die restaurant Boschendal gevier.

Sekere direkte afstammelinge van die oorspronklike Hugenote, asook die De Villiers'e wat besonder noue verbintenisse het met die landgoed Boschendal, sal genooi word.

Die gasspreker is Dawie de Villiers, minister van handel en nywerheid.

# Vraag veral na droë wit en baie soet

## BJ Lankwarden skryf oor Nederburg se vyftiende jaarlikse veiling

NEDERBURG se wynveiling is die belangrikste gebeurtenis op die plaaslike wyntoneel. Dit is verlede Saterdag weer bevestig toe plaaslike en oorsese kopers wyn ter waarde van R2 286 477 op die vyftiende veiling gekoop het.

Soos gewoonlik was die weer lekker sonnig, hoewel 'n sterk wind 'n ruk lank gewaai het.

'n Rekord-aantal items is te koop aangebied. Hoewel alles nie verkoop is nie, het die afslaer Patrick Grubb MW daarin geslaag om 11 189 kiste wyn in een dag van die hande te sit!

Vanjaar se kopers was vol aandag en belangstelling, maar waar die reserweprys vir hulle te hoog was, was daar sterk weerstand en 'n hele paar lotte is nie verkoop nie.

Dit was goeie wyne, maar dit doen die bedryf skade om te verwag dat mense teen belaglike pryse moet begin bie.

Die beginvlak van R319 vir 1982 Blaauwklippen Zinfandel en R130 vir 1980 Blaauwklippen Late Vintage was heeltemal te hoog.

Soms maak die wynmaker sy beginprys na aanleiding van die vorige veilings, maar dan moet hy onthou dat dié pryse die gevolg was van bod en teenbod.

Dit was ook nie so 'n goeie jaar vir soet en halfsoet wyne nie, met die uitsondering van Nederburg.

Spier se 1984 Special Late Harvest en Delheim se 1985 Special Late Harvest Chenin Blanc is nie verkoop nie, ten spyte van die lae reserweprys van die Spier (R89) en beslis as gevolg van die hoë reserweprys van die Delheim (R142).

### Versigtig

Dis eintlik goed dat dit gebeur het, want dit sal wynmakers aanmoedig om hul reserwepryse versigtig te maak. Dit kan ook die kleiner wynmakers lok wat nou afgeskrik word deur die hoë reserwepryse.

Buitendien sal 'n goeie wyn altyd sy prys kry, al is die reserweprys net R10.

Daar was wel hoë pryse. Die duurste rooiwyn was 'n kissie 1969 Lanzerac Pinotage teen R4 300. Die duurste witwyn was 1986 Hamilton Russell Vineyards Chardonnay teen R1 100 per kissie.

Soos verwag kon word, was daar 'n sterk aanvraag na gefortifiseerde wyne. Bo-aan die lys was die 1983 Nuy Ko-op Volsoet Rooi Muskadel wat R210 per kissie behaal het!

Al die gefortifiseerde wyne het goed gevaar, wat hopelik die begin van 'n waardering vir ons land se beste wyne aandui.

Chardonnays en ander droë witwyne het goed gevaar en dis duidelik dat hulle maklik verkoop.

Nederburg se soet edel laatoes-wyne in halfbottels was gewild. In party gevalle is meer as R200 en R300 betaal vir 'n kis van 12 halwes.

Daar is ook 'n duidelike vraag na ou rooiwyne aangesien hulle almal, of byna almal, teen tussen R300 en R600 per kis verkoop is. Die Zonnebloems was selfs nog duurder.

Dit het my verras omdat party van hierdie wyne volgens my glad nie so goed is nie. Party is skaars drinkbaar. Ouderdom alleen maak nog nie 'n goeie wyn nie.

In teenstelling daarmee is van die 1983 Delheim Grand Reserve (ons beste rooiwyn) verkoop teen slegs R384 per kassie.

Gelukkig het die skare later wakker geword en die '82 het R720 gehaal.

Dit lyk dus of die neigings vir vanjaar 'n gesplete aanvraag is. Aan die een kant is droë witwyn gesog, en aan die ander kant die baie soet wyne.

Die soeterige wyne in die middel raak 'n bietjie weg.

### Gladde organisasie

Rooiwyn sal gewild bly (as dit oud is) en gefortifiseerde wyn is "in".

Soos gewoonlik was die organisasie agter die veiling seepglad. Miskien sal daar dan in die toekoms minder plek wees vir toeskouers en meer vir kopers, sodat hierdie fantastiese wyne wyer versprei kan word.

Oorsese kopers is met 16 persent van die wyn huistoe.

Daar is met hartseer totsiens gesê aan Günther Brözel wat volgende maand weggaan. Dit was die einde van 'n wonderlike era.

Nietemin, sterkte aan Nederburg.

HARRIDANS
RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

THE COMPANY
Vegetariese en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801
THE COMPANY IS SO LEKKER

Onthou ...
KOALA BLU RESTAURANT
(verskaffers van besondere kos uit Suidoos-Asië)
is oop elke middag en elke aand
Tel: 726-1515

## Cheeses Greist

HERR Otto Brauhaus was bestuurder van die Hotel Splendide. Hy was ontsaglik groot en vet; hy moes buig om deur die hoë hoteldeure te stap.

Ondanks sy siening van homself as 'n streng amptenaar kon hy sy goedhartigheid nie wegsteek nie. Hy het daarvan gehou om met sy gaste en werknemers te gesels en te lag.

Hy was nie baie wel ter tale nie en het met 'n dik Duitse aksent gepraat. Twee uitdrukkings het soos komma's in sy taal voorgekom; daarsonder kon hy skaars praat: "Cheeses Greist!" en "Gotdemn it!"

Sy vriende was almal soliede mense soos hyself. Die meeste van hulle was bierbrouers en soms het hulle saam in die hotel geëet - klein bierfeeste op die eerste vloer.

Hulle het ontsaglike hoeveelhede bier gedrink en eend met wilde rys geëet. Hulle het dikwels vertel hoe trots hulle is om brouers te wees. "My pa was 'n brouer, so was my oupa, en sy pa voor hom. Ek voel die bier in my are vloei." Maar dinge het nie te goed met Brauhaus se vriende gegaan nie. In een week het hy twee begrafnisse bygewoon.

Hy het baie somber van die tweede begrafnis af gekom en gesê: "Gotdemn it, Cheeses Greist, everytime I see a friend of mine he's dead."

(Uit Bemelmans se La Bonne Table)

KOOS COETZEE

# Handjies en ogies soos 'n mens

**Die oulike nagapie het baie miljoene jare gelede "agtergebly" op die evolusiepad wat gelei het tot die ontwikkeling van die mens. VICTOR MUNNIK het gaan gesels met David Lipschitz, wat navorsing doen oor die liefdeslewe van die nagapie**



**Hoe klein 'n nagapie in 'n mens se hand is** *Foto's van Wits se Primaat-eenheid*

DAAR is iets baie mensliks aan die klein diertjie wat op my knie sit en wurms vreet. Dis die handjies, en die groot, nuuskierige oë.

Ja, sê David Lipschitz wat die liefdeslewe van die nagapie navors vir sy doktorsgraad. Die slim handjies (teenoorgestelde greep) en die oë (stereoskopiese visie) is die eienskappe wat die primate tipeer.

Meer as sestig miljoen jaar gelede, reken geleerdes, het 'n klein senuagtige insekvreter begin boomklim met sy "vingers" aan weerskante van 'n tak - in plaas daarvan om sy kloue in die bas in te slaan.

Daar het die evolusionêre verhaal begin wat gelei het tot die mens se ontstaan.

Die lewe in die bome het die anatomie van die insekvretertjies laat verander. Saam met die oë wat afstande vir spronge moes skat, en die vingertjies wat baie rats moes kon gryp, het die neo-korteks ontwikkel. Die brein het gegroei.

## Evolusie

Daarvan sê Lipschitz: "Primate verteenwoordig 'n reeks van evolusionêre stadia wat bestudeer kan word om die mens se evolusionêre pad uit te pluis."

Die nagapie is onderaan die leer van die primate, met ander woorde redelik ver verwyder van die mens.

Lipschitz dink natuurlik baie na oor evolusie. "Seksuele voortplanting," sê hy, "het een baie interessante gevolg. Anders as by organismes wat net verdeel, is elke individu 'n herkombinasie van gene, wat, evolusionêr gesproke, 'n 'meer suksesvolle' individu tot gevolg kan hê. Met elke paring word 'n ander kombinasie deur die natuur 'uitprobeer'".

Die manier waarop diere hul paarmaats uitsoek, kan vir ons meer sê oor hoe die meganisme van evolusie werk.

Seksualiteit staan nie net sentraal in argumente oor die evolusieleer nie, maar ook in geskille oor wat "inherent" aan die mens is.

Die mens se instinkte, redeneer sekere wetenskaplikes, het hy bekom op die evolusiepad. Dis instinkte soos territorialiteit, aggressie, manlike dominansie oor vrouens en die spesiale verhouding tussen vrouens en kinders.

## SEKS WORD GEBRUIK OM GESAGSTRUKTURE UIT TE SPEL

Die dierkundige waarsku my dadelik teen antroposentrisme. 'n Mens kan nie sommer diere bestudeer asof hulle mense is nie.

Natuurlik stel mense baie belang in hierdie soort vergelyking, maar snaakse - en aanvegbare - teorieë het al so uitgebroei. Daar is dierkundiges wat praat van verkragting, bloedskande en kindermoord by sekere bobbejane.

Van die teorieë - soos dat 'n mannetjie wat 'n trop oorneem, al die kleintjies wat nie syne is nie dadelik doodbyt as deel van 'n "evolusionêre strategie" - berus op erg anekdotiese getuienis. En 'n mens kan net dink wat fascistiese "filosowe" daarvan sou maak.

Inderdaad. Hier kan 'n mens lekker verdwaal tussen ingebore aggressie, die jagtersinstink, übermensche en rassisme.

Sekerlik nie Lipschitz nie. Sy werk behels die saamstel van nagapie-pare, die waarneem van die nagapies se seksuele gedrag en ontledings van hormoonvlakke.

Hormone word toegedien aan nagapies wie se eierstokke verwyder is, om te sien hoe dit hulle gedrag beïnvloed.

Om die nagapies se gedrag te kon beskryf, het hy dit ingedeel in diskrete eenhede.

Dit is aksies soos toenadering, vlug en jaag, en kontak maak (soos neus-tot-neus, ruik en lek van die liefdesvoorwerp, dreigemente en natuurlik paring).

Die nagapies se ondertande staan reguit vorentoe, en hulle gebruik dit soos 'n kam om mekaar se pelse mee skoon te maak. Dié kammery is 'n manier om verhoudings tussen individue te skep wat oor gesagsgrense heen sny.

Die nagapies is - anders as hoër primate - uiters gevoelig vir reuke, waarmee hulle kommunikeer.

Hulle het spesiale kliertjie om die mond en aan die bors, waarmee hulle reukspore teen die takke afvryf. En hulle het die besondere gewoonte om in hulle pootjies te urineer en dan 'n reukspoor te laat. Dit vorm ook deel van hulle hofmaak-aktwiteite.

In die natuur het die vroulike nagapies elkeen 'n gebied (van tussen 12 en 5 hektaar) waarbinne hulle en hulle kleintjies leef en kos soek.

Die grense word met reuk afgebaken, en met geluide en geweld verdedig.



**Die resultaat van 'n geslaagde eksperiment!**

## Vergete

Die dogters bly in die ma se gebied, selfs al is hulle geslagsryp. Eers wanneer een van die "buurvrouens" se gebiede vakant raak, trek die dogter.

Dan raak die moeder/dogter-verhouding vergete, en die twee wyfies is net so aggressief teenoor mekaar as twee vreemdes.

Die mannetjies begin teen puberteit (sowat 300 dae) die wyfies te domineer en hulle die hof te maak. Die ouer mannetjies verdra hulle egter, solank hulle hulle plek nog ken.

In hierdie tydperk swerf die jong mannetjies oor groot gebiede - gemiddeld sowat 16 hektaar.

Dan kry die jong mannetjies die gier om te begin loop - 1 of 2 km reg wes of reg oos, vir twee of drie nagte aanmekaar.

Die manlike nagapie-bevolking word in twee "ligas" verdeel. Die A-mannetjies is sterker, meer dominant en meer welkom by die wyfies. Hulle leef in gebiede wat saamval met een of twee wyfies s'n. Ander A-mannetjies word ook glad nie daar toegelaat nie.

B-mannetjies word egter verdra, as hulle nie te naby probeer kom nie.

Die B-mannetjies het hul eie rangorde. En sodra daar 'n "vakature" kom in die A-liga, word die boonste B-mannetjie 'n A-mannetjie. Interessant, nè.

Lipschitz beklemtoon hoe belangrik dit is om die diere waarmee die wetenskaplike werk, se leefwyse in die bos te verstaan.

By Wits word die nagapies in semi-natuurlike toestande aangehou in kamergrootte hokke. Die ligsiklus word omgekeer, anders sou die navorsers net in die nag kon werk (nagapies slaap in die dag).

Lipschitz se navorsing sover toon dat die toediening van hormone 'n "reggemaakte" wyfie weer op hitte kon bring, of die hitte kon beëindig, en die normale geslagsgedrag kon veroorsaak.

In hoër primate is daar 'n soortgelyke, maar minder dwingende bepaling van gedrag deur hormoonvlakke. By blou-apies, byvoorbeeld, speel sosiale faktore 'n belangrike rol in seksuele gedrag.

Bygesê, die hoër primate gebruik ook seksuele gedrag om, onder andere, gesagstrukture uit te spel.

## Bedreigdes

Navorsing soos dié wat Lipschitz mee besig is, lei tot groter kennis van die voortplantingsbiologie. Deur diere te bestudeer wat vryelik beskikbaar is - soos die redelik volop nagapie - word kennis ingesamel wat gebruik kan word om te sorg vir die voortbestaan van verwante maar bedreigde spesies.

Die vosape van Madagaskar is so 'n groep, sê Lipschitz.

Soos die mens sy woongebied uitbrei, word die vosape (lemurs) se habitat vernietig, en word talle spesies reeds ernstig bedreig.

Dieselfde geld vir Afrika se gorillas en sjimpansees, wie se leefruimte - in die tropiese woude - vinnig aan die krimp is.

